**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[  ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

______ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

---

# WET

**Om voorsiening te maak vir die instelling van 'n raad wat as die Suid-Afrikaanse Diamantraad bekend sal staan; vir beheer oor die besit, die koop en verkoop, die verwerking en die uitvoer van diamante; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 11 Junie 1986.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

INDELING VAN ARTIKELS


| | *Artikels* |
|---|---|
| HOOFSTUK I | |
| Toepassing van Wet | 1–2 |
| HOOFSTUK II | |
| Die Suid-Afrikaanse Diamantraad | 3–17 |
| HOOFSTUK III | |
| Onwettige dade | 18–25 |
| HOOFSTUK IV | |
| Lisensies en permitte | 26–43 |
| HOOFSTUK V | |
| Die diamantbedryf | 44–59 |
| HOOFSTUK VI | |
| Uitvoer van diamante | 60–76 |
| HOOFSTUK VII | |
| Beheermaatreëls | 77–81 |
| HOOFSTUK VIII | |
| Misdrywe, strawwe en ander geregtelike aangeleenthede | 82–92 |
| HOOFSTUK IX | |
| Algemeen | 93–99 |

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To provide for the establishment of a board to be known as the South African Diamond Board; for control over the possession, the purchase and sale, the processing and the export of diamonds; and for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 11 June 1986.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

ARRANGEMENT OF SECTIONS

*Sections*

CHAPTER I

Application of Act ........ 1–2

CHAPTER II

The South African Diamond Board ........ 3–17

CHAPTER III

Illegal acts ........ 18–25

CHAPTER IV

Licences and permits ........ 26–43

CHAPTER V

The diamond trade ........ 44–59

CHAPTER VI

Export of diamonds ........ 60–76

CHAPTER VII

Control measures ........ 77–81

CHAPTER VIII

Offences, penalties and other judicial matters ........ 82–92

CHAPTER IX

General ........ 93–99

**Wet No. 56, 1986** WET OP DIAMANTE, 1986

# HOOFSTUK I

## TOEPASSING VAN WET

Woordomskrywing.

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "beherende belang", met betrekking tot—

*(a)* 'n maatskappy—

(i) meer as 50 persent van die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy;

(ii) meer as die helfte van die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandele van die maatskappy; of

(iii) die bevoegdheid om, òf regstreeks òf onregstreeks, die meerderheid van die direkteure van die maatskappy sonder die instemming van 'n ander persoon aan te stel of af te dank; of

*(b)* 'n beslote korporasie, meer as 50 persent van die belang in die beslote korporasie; (iii)

(ii) "brokstuk" 'n deel van 'n diamant wat van die diamant geskei is in 'n slypproses en wat so onreëlmatig in vorm of so klein is dat dit gewoonlik nie geskik is om geslyp te word nie; (xi)

(iii) "diamantbeurs" 'n perseel waarop 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet veroorloof is om 'n ongeslypte diamant te verkoop of koop die ongeslypte diamant kan verkoop of koop; (vii)

(iv) "diamantpoeier" 'n poeier wat afkomstig is van 'n diamant wat 'n slyp- of fynmaakproses ondergaan het; (viii)

(v) "fyngemaakte diamant" 'n diamant wat afkomstig is van 'n diamant wat 'n fynmaakproses ondergaan het; (iv)

(vi) "gedeeltelik verwerkte diamant" 'n diamant wat een of meer slypprosesse ondergaan het, maar nie soveel prosesse dat dit na die oordeel van die Raad 'n geslypte diamant is nie, en ook 'n diamant wat as 'n "acht kant" bekend staan, maar nie ook so 'n "acht kant" wat na die oordeel van die Raad 'n geslypte diamant is nie; (xvi)

(vii) "gereedskapmaker" die houer van 'n diamantgereedskapvervaardiginglisensie in artikel 26 *(c)* beoog; (xxx)

(viii) "geslypte diamant" 'n diamant wat, ooreenkomstig die vereistes van sy klas of vorm, soveel slypprosesse ondergaan het dat dit na die oordeel van die Raad 'n geslypte diamant is; (xviii)

(ix) "handelaar" die houer van 'n diamanthandelaarslisensie in artikel 26 *(a)* beoog; (vi)

(x) "hierdie Wet" ook 'n regulasie; (xxix)

(xi) "inspekteur" 'n inspekteur kragtens artikel 80 (1) aangestel; (xii)

(xii) "koop", met betrekking tot 'n ongeslypte diamant, om die ongeslypte diamant te koop, om in verband daarmee sake te doen of om dit by wyse van ruil, pand of op 'n dergelike wyse te verkry; (xxii)

(xiii) "lisensie" 'n diamanthandelaarslisensie, diamantslyplisensie, diamantgereedskapvervaardiginglisensie of diamantnavorsingslisensie in artikel 26 beoog; (xiii)

(xiv) "lisensiehouer" 'n handelaar, slyper, gereedskapmaker of navorser; (xiv)

(xv) "Minister" die Minister van Mineraal- en Energiesake; (xv)

(xvi) "navorser" die houer van 'n diamantnavorsingslisensie in artikel 26 *(d)* beoog; (xxvi)

(xvii) "ongeslypte diamant" 'n diamant in sy natuurlike staat of 'n sintetiese diamant wat na die vervaardiging daarvan nie op enige wyse verander is nie, en ook diamantpoeier, 'n fyngemaakte diamant, 'n brokstuk en 'n gedeeltelik verwerkte diamant; (xxxi)

## CHAPTER I

### APPLICATION OF ACT

Definitions.

**1.** In this Act, unless the context indicates otherwise—

(i) "Board" means the South African Diamond Board established by section 3; (xx)

(ii) "business premises", in relation to a licensee, means premises of the licensee of which particulars of the location have been endorsed on his licence in terms of section 29 (2) *(b)* or 31 (4) *(a)*; (xxiv)

(iii) "controlling interest", in relation to—

*(a)* a company, means—

(i) more than 50 per cent of the issued share capital of the company;

(ii) more than half of the voting rights in respect of the issued shares of the company; or

(iii) the power, either directly or indirectly, to appoint or remove the majority of the directors of the company without the concurrence of any other person; or

*(b)* a close corporation, means more than 50 per cent of the interest in the close corporation; (i)

(iv) "crushed diamond" means any diamond deriving from a diamond which has been subjected to a process of crushing; (v)

(v) "cutter" means the holder of a diamond cutting licence contemplated in section 26 *(b)*; (xxvii)

(vi) "dealer" means the holder of a diamond dealer's licence contemplated in section 26 *(a)*; (ix)

(vii) "diamond exchange" means any premises upon which any person permitted in terms of this Act to sell or purchase an unpolished diamond may sell or purchase the unpolished diamond; (iii)

(viii) "diamond powder" means any powder deriving from a diamond which has been subjected to a process of polishing or crushing; (iv)

(ix) "executive officer" means the executive officer of the Board designated in terms of section 5 (1) *(a)*; (xxix)

(x) "exporter", in relation to an unpolished diamond, means any person permitted in terms of this Act to export the unpolished diamond; (xxviii)

(xi) "fragment" means any part of a diamond separated from the diamond in a process of polishing and which is so irregular in shape or so small in size that it is usually unsuitable for polishing; (ii)

(xii) "inspector" means an inspector appointed under section 80 (1); (xi)

(xiii) "licence" means a diamond dealer's licence, diamond cutting licence, diamond tool-making licence or diamond research licence contemplated in section 26; (xiii)

(xiv) "licensee" means a dealer, cutter, tool-maker or researcher; (xiv)

(xv) "Minister" means the Minister of Mineral and Energy Affairs; (xv)

(xvi) "partly processed diamond" means a diamond which has been subjected to one or more processes of polishing, but not so many processes that it is in the opinion of the Board a polished diamond, and includes a diamond known as an "acht kant", but does not include such an "acht kant" which in the opinion of the Board is a polished diamond; (vi)

(xvii) "police official" means a police official as defined in section 1 (1) of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977); (xviii)

(xviii) "polished diamond" means a diamond which has, in accordance with the requisites of its class or form, been subjected to so many processes of polishing that it is in the opinion of the Board a polished diamond; (viii)

(xix) "polishing", in relation to any unpolished or pol-

(xviii) "polisiebeampte" 'n polisiebeampte soos in artikel 1 (1) van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), omskryf; (xvii)

(xix) "produsent" 'n persoon wat ingevolge die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet No. 73 van 1964), geregtig is om diamante te win of uit te haal; (xxi)

(xx) "Raad" die Suid-Afrikaanse Diamantraad by artikel 3 ingestel; (i)

(xxi) "register" ook 'n rekenaardrukstuk; (xxiii)

(xxii) "registrasiebeampte" 'n persoon in die diens van die Raad of 'n persoon in artikel 13 *(c)* bedoel wat behulpsaam is met die uitvoering van 'n bepaling van Hoofstuk VI; (xxiv)

(xxiii) "regulasie" 'n regulasie kragtens artikel 95 (1) uitgevaardig; (xxv)

(xxiv) "sakeperseel", met betrekking tot 'n lisensiehouer, 'n perseel van die lisensiehouer waarvan besonderhede van die ligging ingevolge artikel 29 (2) *(b)* of 31 (4) *(a)* op sy lisensie aangeteken is; (ii)

(xxv) "sintetiese diamant" 'n diamant wat deur middel van 'n sintetiese, meganiese of chemiese proses vervaardig is; (xxviii)

(xxvi) "slyp", met betrekking tot 'n ongeslypte of geslypte diamant, die saag, sny, kloof of verdeling op enige wyse, fasettering, briljantering of verandering van daardie diamant; (xix)

(xxvii) "slyper" die houer van 'n diamantslyplisensie in artikel 26 *(b)* beoog; (v)

(xxviii) "uitvoerder", met betrekking tot 'n ongeslypte diamant, 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet veroorloof is om die ongeslypte diamant uit te voer; (x)

(xxix) "uitvoerende beampte" die uitvoerende beampte van die Raad ingevolge artikel 5 (1) *(a)* aangewys; (ix)

(xxx) "verkoop", met betrekking tot 'n ongeslypte diamant, om die ongeslypte diamant te verkoop, om dit vir verkoop, ruil of pand of vir 'n dergelike doel aan te bied of uit te stal of om dit vir handelsdoeleindes van die hand te sit of af te lewer; (xxvii)

(xxxi) "voorgeskrewe" of "voorgeskryf" by regulasie voorskryf. (xx)

**Bepalings van hierdie Wet kan ten opsigte van ander edelgesteentes toegepas word.**

**2.** Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar dat 'n bepaling van hierdie Wet ten opsigte van 'n ander stof bedoel in die omskrywing van "edelgesteentes" in artikel 1 van die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet No. 73 van 1964), van toepassing is.

## HOOFSTUK II

### DIE SUID-AFRIKAANSE DIAMANTRAAD

**Instelling van Suid-Afrikaanse Diamantraad.**

**3.** Daar word hierby 'n raad ingestel wat die Suid-Afrikaanse Diamantraad heet en 'n regspersoon is.

**Oogmerke van Raad.**

**4.** Die oogmerke van die Raad is—

*(a)* om te verseker dat die diamanthulpbronne van die Republiek in die beste belang van die land ontgin en ontwikkel word; en

*(b)* om die gesonde ontwikkeling van diamantondernemings in die Republiek te bevorder.

**Samestelling van Raad.**

**5.** (1) Die Raad bestaan uit—

*(a)* twee beamptes van die Departement van Mineraal- en Energiesake, van wie die Minister een as voorsitter en die ander as uitvoerende beampte van die Raad aanwys;

*(b)* een beampte van die Departement van Finansies deur die Minister van Finansies benoem;

ished diamond, means the sawing, cutting, cleaving or dividing in any manner, faceting, brillianteering or altering of that diamond; (xxvi)

(xx) "prescribed" means prescribed by regulation; (xxxi)

(xxi) "producer" means any person who is in terms of the Precious Stones Act, 1964 (Act No. 73 of 1964), entitled to win or recover diamonds; (xix)

(xxii) "purchase", in relation to an unpolished diamond, means to purchase the unpolished diamond, to deal in it or to obtain it by way of barter, pledge or in any like manner; (xii)

(xxiii) "register" includes a computer print-out; (xxi)

(xxiv) "registering officer" means any person in the service of the Board or any person referred to in section 13 *(c)* assisting in the administration of a provision of Chapter VI; (xxii)

(xxv) "regulation" means a regulation made under section 95 (1); (xxiii)

(xxvi) "researcher" means the holder of a diamond research licence contemplated in section 26 *(d)*; (xvi)

(xxvii) "sell", in relation to an unpolished diamond, means to sell the unpolished diamond, to offer or expose it for sale, barter or pledge or for any like purpose or to dispose of or deliver it for the purpose of trade; (xxx)

(xxviii) "synthetic diamond" means a diamond produced by means of any synthetic, mechanical or chemical process; (xxv)

(xxix) "this Act" includes a regulation; (x)

(xxx) "tool-maker" means the holder of a diamond tool-making licence contemplated in section 26 *(c)*; (vii)

(xxxi) "unpolished diamond" means a diamond in its natural state or a synthetic diamond which has after the production thereof not been altered in any manner, and includes diamond powder, a crushed diamond, a fragment and a partly processed diamond. (xvii)

Provisions of this Act may be applied in respect of other precious stones.

**2.** The Minister may by notice in the *Gazette* declare that a provision of this Act shall apply in respect of any other substance referred to in the definition of "precious stones" in section 1 of the Precious Stones Act, 1964 (Act No. 73 of 1964).

## CHAPTER II

### THE SOUTH AFRICAN DIAMOND BOARD

Establishment of South African Diamond Board.

**3.** There is hereby established a board to be known as the South African Diamond Board and which shall be a juristic person.

Objects of Board.

**4.** The objects of the Board shall be—

*(a)* to ensure that the diamond resources of the Republic are exploited and developed in the best interest of the country; and

*(b)* to promote the sound development of diamond undertakings in the Republic.

Constitution of Board.

**5.** (1) The Board shall consist of—

*(a)* two officers of the Department of Mineral and Energy Affairs, of whom the Minister shall designate one as chairman and the other as executive officer of the Board;

*(b)* one officer of the Department of Finance nominated by the Minister of Finance;

*(c)* een lid van die Suid-Afrikaanse Polisie deur die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie benoem;
*(d)* die voorsitter van die Mynverhuringsraad bedoel in artikel 5 (1) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet No. 20 van 1967);
*(e)* een lid van die bestuursraad van die Vereniging van Diamantprodusente, uitgesonderd 'n lid in die diens van die Staat of deur hom aangestel, deur bedoelde Vereniging benoem;
*(f)* een produsent, of 'n verteenwoordiger van daardie produsent, deur die Minister gekies uit produsente wat nie lede van bedoelde Vereniging is nie;
*(g)* een persoon deur die Diamond Trading Company (Edms) Bpk benoem;
*(h)* een persoon benoem deur 'n vereniging of deur verenigings wat na die oordeel van die Minister handelaars verteenwoordig;
*(i)* een persoon benoem deur 'n vereniging of deur verenigings wat na die oordeel van die Minister slypers verteenwoordig;
*(j)* een persoon benoem deur 'n vereniging of deur verenigings wat na die oordeel van die Minister werknemers van slypers verteenwoordig;
*(k)* twee ander persone wat na die oordeel van die Minister in staat is om die Raad met die verwesenliking van sy oogmerke te help, van wie een deur die Juweliersraad van Suid-Afrika benoem moet wees.

(2) Behoudens die bepalings van artikel 6 stel die Minister die persone in subartikel (1) bedoel as lede van die Raad aan.

(3) *(a)* Ten einde 'n persoon bedoel in paragraaf *(e)*, *(g)*, *(h)*, *(i)* of *(j)* van subartikel (1) aan te stel, moet die Direkteur-generaal: Mineraal- en Energiesake die betrokke liggaam of liggame skriftelik versoek om binne 30 dae na die datum van die versoek die naam van 'n benoemde persoon aan hom voor te lê.
*(b)* Indien sodanige liggaam of liggame in gebreke bly om 'n naam binne die tydperk bedoel in paragraaf *(a)* voor te lê, kan die Minister die persoon wat hy geskik ag as lid van die Raad aanstel in die plek van die persoon in die betrokke paragraaf bedoel.

(4) Die Minister moet met inagneming van die toepaslike bepalings van hierdie artikel, vir elke lid van die Raad, uitgesonderd 'n lid in subartikel (1) *(a)*, *(d)* of *(k)* bedoel, 'n plaasvervangende lid aanstel.

(5) Die lid van die Raad in subartikel (1) *(b)* bedoel, is die ondervoorsitter van die Raad.

(6) Die ondervoorsitter kan, indien die voorsitter afwesig is of om die een of ander rede nie as voorsitter kan optree nie, die werksaamhede van die voorsitter verrig.

Persone wat onbevoeg is om lede van Raad te wees.

**6.** Niemand word as 'n lid of 'n plaasvervangende lid van die Raad aangestel nie indien—
*(a)* hy nie 'n Suid-Afrikaanse burger is wat permanent in die Republiek woonagtig is nie;
*(b)* hy 'n ongerehabiliteerde insolvent is; of
*(c)* hy skuldig bevind is aan 'n misdryf waarvoor hy tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is.

Ampstermyn van lede van Raad en vul van vakatures.

**7.** (1) 'n Lid of 'n plaasvervangende lid van die Raad wat ingevolge artikel 5 aangestel is, beklee sy amp vir die tydperk, maar hoogstens vyf jaar, wat die Minister ten tyde van sy aanstelling bepaal.

(2) Indien 'n lid of 'n plaasvervangende lid van die Raad om die een of ander rede ophou om sy amp te beklee, kan die Minister, met inagneming van die toepaslike bepalings van artikel 5, 'n persoon in sy plek vir die onverstreke tydperk van sy ampstermyn aanstel.

(3) Iemand wie se ampstermyn as 'n lid of 'n plaasvervangende lid van die Raad verstryk, kan weer aangestel word.

(c) one member of the South African Police nominated by the Commissioner of the South African Police;

(d) the chairman of the Mining Leases Board referred to in section 5 (1) of the Mining Rights Act, 1967 (Act No. 20 of 1967);

(e) one member of the management board of the Diamond Producers' Association, other than a member in the service of the State or appointed by it, nominated by such Association;

(f) one producer, or a representative of that producer, chosen by the Minister from among producers who are not members of such Association;

(g) one person nominated by the Diamond Trading Company (Pty) Ltd;

(h) one person nominated by an association or by associations which in the opinion of the Minister represent dealers;

(i) one person nominated by an association or by associations which in the opinion of the Minister represent cutters;

(j) one person nominated by an association or by associations which in the opinion of the Minister represent employees of cutters;

(k) two other persons who in the opinion of the Minister are able to assist the Board in achieving its objects, one of whom shall have been nominated by the Jewellery Council of South Africa.

(2) Subject to the provisions of section 6, the Minister shall appoint the persons referred to in subsection (1) as members of the Board.

(3) (a) In order to appoint a person referred to in paragraph (e), (g), (h), (i) or (j) of subsection (1), the Director-General: Mineral and Energy Affairs shall in writing request the body or bodies concerned to submit to him within 30 days after the date of the request the name of a nominated person.

(b) If such body or bodies fail to submit a name within the period referred to in paragraph (a), the Minister may appoint the person considered by him as suitable, as a member of the Board in the place of the person referred to in the relevant paragraph.

(4) The Minister shall, having regard to the applicable provisions of this section, appoint for every member of the Board, excluding a member referred to in subsection (1) (a), (d) or (k), an alternate member.

(5) The member of the Board referred to in subsection (1) (b) shall be the vice-chairman of the Board.

(6) The vice-chairman may, if the chairman is absent or for any reason unable to act as chairman, perform the functions of the chairman.

Persons not qualified to be members of Board.

**6.** No person shall be appointed as a member or an alternate member of the Board if—

(a) he is not a South African citizen permanently resident in the Republic;

(b) he is an unrehabilitated insolvent; or

(c) he has been convicted of any offence for which he has been sentenced to imprisonment without the option of a fine.

Term of office of members of Board and filling of vacancies.

**7.** (1) A member or an alternate member of the Board appointed in terms of section 5 shall hold office for such period, but not exceeding five years, as the Minister may determine at the time of his appointment.

(2) If a member or an alternate member of the Board for any reason ceases to hold office, the Minister may, having regard to the applicable provisions of section 5, appoint a person in his place for the unexpired period of his term of office.

(3) Any person whose term of office as a member or an alternate member of the Board has expired, shall be eligible for reappointment.

Ontruiming van amp deur lede van Raad.

**8.** (1) 'n Lid of 'n plaasvervangende lid van die Raad ontruim sy amp—

(*a*) indien hy onderhewig raak aan 'n onbevoegdheid in artikel 6 genoem;

(*b*) indien hy geestelik versteurd raak;

(*c*) in die geval van 'n lid, indien hy sonder verlof van die voorsitter van meer as twee agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig is of, in die geval van 'n plaasvervangende lid, indien hy aldus afwesig is tydens die afwesigheid of vakature in die amp van die lid vir wie hy as plaasvervangende lid aangestel is; of

(*d*) in die geval van 'n lid of, waar van toepassing, 'n plaasvervangende lid in artikel 5 (1) *(a)*, *(b)*, *(c)* of *(d)* bedoel, indien hy ophou om die kwalifikasie te besit uit hoofde waarvan hy as 'n lid of 'n plaasvervangende lid van die Raad aangestel is.

(2) Die Minister kan te eniger tyd 'n lid of 'n plaasvervangende lid van die Raad van sy amp onthef indien daar na die oordeel van die Minister gegronde redes bestaan om dit te doen.

Vergaderings van Raad.

**9.** (1) Die eerste vergadering van die Raad word gehou op 'n tyd en plek deur die voorsitter bepaal, en daarna vergader die Raad op die tye en plekke wat die Raad van tyd tot tyd bepaal.

(2) Die voorsitter van die Raad kan te eniger tyd 'n buitengewone vergadering van die Raad belê, wat gehou moet word op die tyd en plek wat hy bepaal.

(3) Sewe lede van die Raad maak 'n kworum vir 'n vergadering van die Raad uit.

(4) Indien sowel die voorsitter as die ondervoorsitter van 'n vergadering van die Raad afwesig is, kies die aanwesige lede iemand uit hul geledere om op daardie vergadering voor te sit.

(5) Die beslissing van 'n meerderheid van die lede van die Raad wat op 'n vergadering van die Raad aanwesig is, maak 'n besluit van die Raad uit, en, by 'n staking van stemme oor 'n aangeleentheid, het die persoon wat op die betrokke vergadering voorsit, benewens sy beraadslagende stem 'n beslissende stem.

(6) Geen besluit deur die Raad geneem of handeling op gesag van die Raad verrig, is ongeldig nie bloot vanweë 'n vakature in die Raad of omdat iemand wat nie geregtig was nie om as 'n lid van die Raad sitting te neem, as so 'n lid sitting geneem het op die tydstip waarop die besluit geneem of die handeling gemagtig is, indien die besluit geneem of die handeling gemagtig is deur die meerderheid van die lede van die Raad wat toe aanwesig was en geregtig was om as lede sitting te neem.

(7) By die toepassing van hierdie artikel beteken "lid" ook 'n plaasvervangende lid wat by die betrokke vergadering van die Raad aanwesig is tydens die afwesigheid of vakature in die amp van die lid vir wie hy as plaasvervangende lid aangestel is.

Uitvoerende komitee.

**10.** (1) Die Raad kan 'n uitvoerende komitee van die Raad instel, wat gedurende die tydperke tussen vergaderings van die Raad die werksaamhede van die Raad kan verrig wat die Raad van tyd tot tyd bepaal, maar die uitvoerende komitee is nie bevoeg, behalwe vir sover die Raad anders gelas, om 'n besluit van die Raad tersyde te stel of te wysig nie.

(2) Die uitvoerende komitee bestaan uit die voorsitter, die uitvoerende beampte en minstens twee ander lede van die Raad.

(3) Die voorsitter van die Raad is die voorsitter van die uitvoerende komitee.

(4) Die bepalings van artikel 9 (5) is *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n vergadering van die uitvoerende komitee van toepassing.

(5) Die Raad kan 'n besluit van die uitvoerende komitee, uitgesonderd 'n besluit na aanleiding waarvan aan 'n persoon 'n betaling gedoen, 'n lisensie, permit of sertifikaat uitgereik of 'n ander reg verleen is, tersyde stel of wysig.

Vacating of office by members of Board.

**8.** (1) A member or an alternate member of the Board shall vacate his office—

(a) if he becomes subject to any disability mentioned in section 6;

(b) if he becomes of unsound mind;

(c) in the case of a member, if he has been absent from more than two consecutive meetings of the Board without leave of the chairman or, in the case of an alternate member, if he has been so absent during the absence or vacancy in the office of the member for whom he has been appointed as alternate member; or

(d) in the case of a member or, where applicable, an alternate member referred to in section 5 (1) *(a)*, *(b)*, *(c)* or *(d)*, if he ceases to hold the qualification by virtue of which he was appointed as a member or an alternate member of the Board.

(2) The Minister may at any time remove a member or an alternate member of the Board from his office if in the opinion of the Minister sound reasons exist for doing so.

Meetings of Board.

**9.** (1) The first meeting of the Board shall be held at a time and place determined by the chairman, and thereafter the Board shall meet at such times and places as the Board may from time to time determine.

(2) The chairman of the Board may at any time convene a special meeting of the Board to be held at such time and place as he may determine.

(3) Seven members of the Board shall form a quorum for a meeting of the Board.

(4) If both the chairman and the vice-chairman are absent from a meeting of the Board, the members present shall from among their number elect a person to preside at that meeting.

(5) The decision of a majority of the members of the Board present at a meeting of the Board shall constitute a decision of the Board, and, in the event of an equality of votes on any matter, the person presiding at the meeting in question shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

(6) No decision taken by the Board or act performed under authority of the Board shall be invalid merely by reason of a vacancy on the Board or of the fact that any person not entitled to sit as a member of the Board, sat as such a member at the time when the decision was taken or the act was authorized, if the decision was taken or the act was authorized by the majority of the members of the Board present at the time and who were entitled to sit as members.

(7) For the purposes of this section "member" includes an alternate member present at the relevant meeting of the Board during the absence or vacancy in the office of the member for whom he has been appointed as alternate member.

Executive committee.

**10.** (1) The Board may establish an executive committee of the Board, which may during the periods between meetings of the Board perform such functions of the Board as the Board may from time to time determine, but the executive committee shall not have the power, except in so far as the Board directs otherwise, to set aside or vary any decision of the Board.

(2) The executive committee shall consist of the chairman, the executive officer and at least two other members of the Board.

(3) The chairman of the Board shall be the chairman of the executive committee.

(4) The provisions of section 9 (5) shall *mutatis mutandis* apply in respect of a meeting of the executive committee.

(5) The Board may set aside or vary any decision of the executive committee other than a decision in pursuance of which any payment has been made, any licence, permit or certificate has been issued or any other right has been granted to any person.

Komitees vir bepaalde doel.

**11.** (1) Die Raad kan een of meer komitees van die Raad instel, wat, onderworpe aan die voorskrifte van die Raad, die werksaamhede van die Raad kan verrig wat die Raad bepaal.

(2) 'n Komitee van die Raad bestaan uit een of meer lede van die Raad of een of meer persone wat die Raad geskik ag, en die Raad kan te eniger tyd die komitee ontbind of hersaamstel.

(3) Een van die lede van 'n komitee van die Raad word deur die Raad as voorsitter van die komitee aangewys.

(4) Die Raad word nie onthef van 'n werksaamheid wat uit hoofde van die bepalings van hierdie artikel deur 'n komitee van die Raad verrig word nie.

Besoldiging van lede van Raad en van uitvoerende en ander komitees.

**12.** Aan 'n lid of 'n plaasvervangende lid van die Raad of 'n lid van die uitvoerende of 'n ander komitee van die Raad wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, kan uit die fondse van die Raad die besoldiging en toelaes betaal word wat die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, bepaal.

Algemene werksaamhede van Raad.

**13.** Benewens die ander werksaamhede wat by hierdie Wet aan die Raad opgedra word, kan die Raad—

*(a)* die roerende of onroerende goed wat die Raad vir die verrigting van sy werksaamhede nodig ag, huur, koop of andersins verkry en goed wat aldus verkry is, verhuur, verkoop of andersins daaroor beskik: Met dien verstande dat onroerende goed nie sonder die goedkeuring van die Minister gekoop of andersins verkry of verkoop of andersins oor beskik word nie;

*(b)* vir die doeleindes van die verrigting van sy werksaamhede 'n ooreenkoms aangaan met 'n persoon, met inbegrip van die Staat, vir die verrigting van 'n besondere handeling of besondere werk of die lewering van besondere dienste;

*(c)* by wyse van versekering voorsiening maak vir dekking van die Raad teen enige verlies, skade, risiko of aanspreeklikheid wat die Raad mag ly of oploop;

*(d)* van tyd tot tyd aanbevelings by die Minister doen betreffende 'n aangeleentheid waarop hierdie Wet betrekking het, en moet die Raad die Minister adviseer oor so 'n aangeleentheid wat deur die Minister na hom verwys word;

*(e)* in die algemeen die handelinge verrig wat nodig of dienstig is vir die verwesenliking van sy oogmerke.

Persone in diens van Raad.

**14.** (1) Die werk verbonde aan die verrigting van die werksaamhede van die Raad word, onderworpe aan die voorskrifte van die Raad, verrig deur—

*(a)* persone deur die Raad aangestel op die voorwaardes en teen die besoldiging wat die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, bepaal;

*(b)* beamptes of werknemers wat kragtens artikel 14 (3) *(a)* van die Staatsdienswet, 1984 (Wet No. 111 van 1984), tot die Raad se beskikking gestel is.

(2) Die Raad moet die Staat vergoed vir elke betaling wat die Staat doen ooreenkomstig 'n diensvoorwaarde wat van toepassing is ten opsigte van 'n beampte of werknemer in subartikel (1) *(b)* bedoel.

(3) By die toepassing van hierdie Wet word 'n beampte of werknemer in subartikel (1) *(b)* bedoel, geag 'n persoon in die diens van die Raad te wees.

Uitvoerende beampte.

**15.** (1) Benewens die ander werksaamhede wat by hierdie Wet aan die uitvoerende beampte opgedra word, is die uitvoerende beampte verantwoordelik vir die uitvoering van die Raad se besluite en die administrasie van die Raad se sake.

(2) Die bepalings van artikel 14 (2) is nie ten opsigte van die uitvoerende beampte van toepassing nie.

Committees for specific purpose.

**11.** (1) The Board may establish one or more committees of the Board, which may, subject to the directions of the Board, perform such functions of the Board as the Board may determine.

(2) A committee of the Board shall consist of one or more members of the Board or one or more persons considered suitable by the Board, and the Board may at any time dissolve or reconstitute the committee.

(3) One of the members of a committee of the Board shall be designated by the Board as chairman of the committee.

(4) The Board shall not be divested of any function performed by a committee of the Board by virtue of the provisions of this section.

Remuneration of members of Board and of executive and other committees.

**12.** A member or an alternate member of the Board or a member of the executive or any other committee of the Board who is not in the full-time employment of the State may be paid out of the funds of the Board such remuneration and allowances as the Minister may, with the concurrence of the Minister of Finance, determine.

General functions of Board.

**13.** In addition to the other functions assigned to the Board by this Act, the Board may—

- *(a)* hire, buy or otherwise acquire such movable or immovable property as the Board may consider necessary for the performance of its functions and let, sell or otherwise dispose of property so acquired: Provided that immovable property shall not be bought or otherwise acquired or sold or otherwise disposed of without the approval of the Minister;
- *(b)* for the purposes of the performance of its functions, enter into any agreement with any person, including the State, for the performance of any particular act or particular work or the rendering of particular services;
- *(c)* by means of insurance provide for cover for the Board against any loss, damage, risk or liability which the Board may suffer or incur;
- *(d)* from time to time make recommendations to the Minister on any matter to which this Act relates, and shall advise the Minister on any such matter referred to it by the Minister;
- *(e)* in general perform such acts as may be necessary or expedient for the achievement of its objects.

Persons in service of Board.

**14.** (1) The work incidental to the performance of the functions of the Board shall, subject to the directions of the Board, be performed by—

- *(a)* persons appointed by the Board on such conditions and at such remuneration as the Minister may, with the concurrence of the Minister of Finance, determine;
- *(b)* officers or employees placed at the disposal of the Board under section 14 (3) *(a)* of the Public Service Act, 1984 (Act No. 111 of 1984).

(2) The Board shall compensate the State for every payment made by the State in accordance with a condition of service applicable in respect of an officer or employee referred to in subsection (1) *(b)*.

(3) For the purposes of this Act, an officer or employee referred to in subsection (1) *(b)* shall be deemed to be a person in the service of the Board.

Executive officer.

**15.** (1) In addition to the other functions assigned to the executive officer by this Act, the executive officer shall be responsible for the execution of the Board's decisions and the administration of the Board's affairs.

(2) The provisions of section 14 (2) shall not apply in respect of the executive officer.

Fondse van Raad.

**16.** (1) Die fondse van die Raad bestaan uit—

*(a)* geld uit hoofde van die bepalings van hierdie Wet verkry;

*(b)* geld wat die Parlement bewillig ten einde die Raad in staat te stel om sy werksaamhede kragtens hierdie Wet te verrig; en

*(c)* geld wat die Raad uit 'n ander bron toeval.

(2) Die Raad wend sy fondse aan ter bestryding van die uitgawes wat die Raad by die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet aangaan, maar moet geld of ander goed wat aan die Raad geskenk of bemaak word ooreenkomstig die voorwaardes van die betrokke skenking of bemaking aanwend.

(3) Die Raad moet 'n rekening open by 'n instelling wat ingevolge die Bankwet, 1965 (Wet No. 23 van 1965), as 'n bank geregistreer is, en moet in daardie rekening die geld stort wat deur hom ingevolge subartikel (1) ontvang is.

(4) Die Raad kan geld wat ingevolge subartikel (1) ontvang is en nie vir onmiddellike gebruik nodig is nie, belê by die Openbare Beleggingskommissarisse of die ander instelling wat die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, bepaal.

Rekeningkundige verantwoording.

**17.** (1) Die uitvoerende beampte is die rekenpligtige beampte van die Raad, en is as sodanig belas met die verantwoording van geld deur die Raad ontvang en betalings deur die Raad gedoen.

(2) Die boekjaar van die Raad eindig op 31 Maart in elke jaar.

(3) Die rekenpligtige beampte moet—

*(a)* aantekeninge hou van geld deur die Raad ontvang of bestee, en van die bates, laste en finansiële transaksies van die Raad;

*(b)* so gou doenlik, maar hoogstens drie maande na die einde van elke boekjaar in subartikel (2) bedoel, finansiële jaarstate opmaak wat, met gepaste besonderhede, geld deur die Raad ontvang en uitgawes deur die Raad aangegaan gedurende, en sy bates en laste aan die einde van, bedoelde boekjaar aantoon.

(4) Die aantekeninge en finansiële jaarstate in subartikel (3) bedoel, word deur die Ouditeur-generaal geouditeer.

## HOOFSTUK III

### ONWETTIGE DADE

*Besit van en handel in ongeslypte diamante*

Verbod op besit van ongeslypte diamante.

**18.** Behalwe vir sover hierdie Wet anders bepaal, mag niemand 'n ongeslypte diamant in sy besit hê nie tensy—

*(a)* hy 'n produsent is wat daardie diamant uit die see of uit grond of puin gewin of gehaal het ooreenkomstig 'n lisensie, permit, huur of ander magtiging kragtens die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet No. 73 van 1964), aan hom verleen;

*(b)* hy daardie diamant, indien dit 'n sintetiese diamant is, vervaardig het;

*(c)* hy 'n lisensiehouer is;

*(d)* hy ten opsigte van daardie diamant die houer is van 'n permit kragtens hierdie Wet;

*(e)* hy in besit van daardie diamant is ter uitvoering van 'n ooreenkoms deur hom met 'n persoon bedoel in paragraaf *(a)*, *(b)*, *(c)* of *(d)* aangegaan; of

*(f)* hy andersins op wettige wyse in besit van daardie diamant gekom het.

Verbod op verkoop van ongeslypte diamante.

**19.** (1) Niemand mag 'n ongeslypte diamant verkoop nie tensy—

*(a)* hy 'n produsent is;

*(b)* hy daardie diamant, indien dit 'n sintetiese diamant is, vervaardig het;

*(c)* hy 'n handelaar is; of

Funds of Board.

**16.** (1) The funds of the Board shall consist of—

*(a)* moneys obtained by virtue of the provisions of this Act;

*(b)* moneys appropriated by Parliament to enable the Board to perform its functions under this Act; and

*(c)* moneys which may accrue to the Board from any other source.

(2) The Board shall utilize its funds to defray the expenses incurred by the Board in the performance of its functions under this Act, but shall utilize any money or other property donated or bequeathed to the Board in accordance with the conditions of the donation or bequest concerned.

(3) The Board shall open an account with an institution registered as a bank in terms of the Banks Act, 1965 (Act No. 23 of 1965), and shall deposit in that account the moneys received by it in terms of subsection (1).

(4) The Board may invest any money received in terms of subsection (1) and not required for immediate use with the Public Investment Commissioners or such other institution as the Minister may, with the concurrence of the Minister of Finance, determine.

Accounting responsibility.

**17.** (1) The executive officer shall be the accounting officer of the Board, and as such shall be charged with the responsibility of accounting for moneys received by the Board and payments made by the Board.

(2) The financial year of the Board shall terminate on 31 March in each year.

(3) The accounting officer shall—

*(a)* keep records of moneys received or expended by the Board, and of the assets, liabilities and financial transactions of the Board;

*(b)* as soon as possible, but not later than three months after the end of each financial year referred to in subsection (2), prepare annual financial statements showing, with the appropriate particulars, moneys received by the Board and expenditure incurred by the Board during, and its assets and liabilities at the end of, such financial year.

(4) The records and annual financial statements referred to in subsection (3) shall be audited by the Auditor-General.

## CHAPTER III

## ILLEGAL ACTS

### *Possession of and dealing in unpolished diamonds*

Possession of unpolished diamonds prohibited.

**18.** Save as is otherwise provided in this Act, no person shall have any unpolished diamond in his possession unless—

*(a)* he is a producer who has won or recovered that diamond from the sea or from land or debris in accordance with any licence, permit, lease or other authority granted to him under the Precious Stones Act, 1964 (Act No. 73 of 1964);

*(b)* he has manufactured that diamond, if it is a synthetic diamond;

*(c)* he is a licensee;

*(d)* he is in respect of that diamond the holder of a permit under this Act;

*(e)* he is in possession of that diamond in implementing an agreement entered into by him with a person referred to in paragraph *(a)*, *(b)*, *(c)* or *(d)*; or

*(f)* he has otherwise come into possession of that diamond in a lawful manner.

Sale of unpolished diamonds prohibited.

**19.** (1) No person shall sell any unpolished diamond unless—

*(a)* he is a producer;

*(b)* he has manufactured that diamond, if it is a synthetic diamond;

*(c)* he is a dealer; or

(*d*) hy die houer is van 'n permit in artikel 40 (1) *(a)* of (2) bedoel.

(2) Die bepalings van subartikel (1) word nie so uitgelê nie dat dit bedoelde produsent, handelaar of houer van 'n permit magtig om 'n ongeslypte diamant te verkoop wat op 'n onwettige wyse in sy besit gekom het.

Verbod op koop van ongeslypte diamante.

**20.** Niemand mag 'n ongeslypte diamant koop nie tensy—

(*a*) hy 'n lisensiehouer is; of

(*b*) hy die houer is van 'n permit in artikel 40 (1) *(b)* bedoel.

Beperking op handel in ongeslypte diamante.

**21.** Geen persoon—

(*a*) in artikel 19 (1) bedoel, mag 'n ongeslypte diamant aan 'n ander persoon as 'n persoon bedoel in artikel 20 verkoop nie; en

(*b*) in artikel 20 bedoel, mag 'n ongeslypte diamant van 'n ander persoon as 'n persoon bedoel in artikel 19 (1) koop nie.

*Verwerking van diamante*

Verbod op verwerking van diamante.

**22.** Niemand mag 'n diamant slyp of 'n ongeslypte diamant fynmaak of in enige gereedskap, werktuig of ander artikel monteer nie tensy—

(*a*) hy 'n slyper, gereedskapmaker of navorser is;

(*b*) hy 'n werknemer is wat handel in die loop van sy diens by daardie slyper, gereedskapmaker of navorser; of

(*c*) hy skriftelik deur die Raad daartoe gemagtig is.

Verbod op oprigting en gebruik van masjinerie.

**23.** Niemand mag 'n masjien wat vir die slyp van diamante ontwerp of aangepas is, oprig of gebruik nie tensy—

(*a*) hy 'n slyper, gereedskapmaker of navorser is;

(*b*) hy 'n werknemer is wat handel in die loop van sy diens by daardie slyper, gereedskapmaker of navorser; of

(*c*) hy skriftelik deur die Raad daartoe gemagtig is.

*Uitvoer van ongeslypte diamante*

Verbod op uitvoer van ongeslypte diamante.

**24.** Niemand mag 'n ongeslypte diamant vanuit die Republiek uitvoer nie tensy—

(*a*) hy 'n produsent is;

(*b*) hy daardie diamant, indien dit 'n sintetiese diamant is, vervaardig het;

(*c*) hy 'n handelaar is; of

(*d*) hy die houer is van 'n permit in artikel 40 (1) *(a)* of *(c)* of (2) bedoel.

*Algemeen*

Ongeslypte diamante by toeval gevind of opgetel.

**25.** (1) Iemand wat by toeval 'n ongeslypte diamant vind of optel op 'n plek waar hy of sy werkgewer nie veroorloof is om vir diamante ingevolge die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet No. 73 van 1964), te prospekteer, delf of myn nie, moet daardie diamant onverwyld na die naaste polisiestasie neem en dit aan die diensdoenende lid van die Suid-Afrikaanse Polisie oorhandig.

(2) Indien die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie of 'n ander lid deur hom aangewys—

(*a*) oortuig is dat iemand die eienaar van 'n diamant bedoel in subartikel (1) is of geregtig is om in besit daarvan te wees, moet hy daardie diamant aan so iemand oorhandig; of
**54.** (1) Die Raad staan nie 'n aansoek bedoel in artikel 53 toe nie indien hy van oordeel is—

*(a)* dat die betrokke natuurlike persoon nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie; of

*(b)* dat daar reeds 'n voldoende getal gemagtigde verteenwoordigers ten opsigte van die regspersoon geregistreer is.

(2) Indien die Raad 'n aansoek bedoel in artikel 53 toestaan, moet die uitvoerende beampte die betrokke natuurlike persoon as 'n gemagtigde verteenwoordiger van die regspersoon registreer en 'n sertifikaat van registrasie as 'n gemagtigde verteenwoordiger van die regspersoon op die voorgeskrewe vorm aan die regspersoon uitreik.

*Hantering van ongeslypte diamante*

Ontvangs van ongeslypte diamante deur lisensiehouers.

**55.** Geen lisensiehouer mag 'n ongeslypte diamant ontvang of koop nie—

*(a)* vir 'n ander doel as die bedrywighede gemagtig deur sy lisensie; of

*(b)* van 'n persoon wat nie in wettige besit van daardie diamant is nie.

Ontvangs- of koopbriewe ten opsigte van ongeslypte diamante.

**56.** (1) Wanneer 'n lisensiehouer 'n ongeslypte diamant ontvang of koop, moet hy onverwyld 'n ontvangs- of koopbrief in tweevoud op die voorgeskrewe vorm voltooi.

(2) Die oorspronklike van elke ontvangs- of koopbrief wat ingevolge subartikel (1) voltooi is, moet aan die persoon wat die ongeslypte diamant afgelewer of verkoop het, oorhandig word, en die afskrif daarvan moet deur die lisensiehouer behou word vir 'n tydperk van minstens twee jaar na die datum waarop hy die ongeslypte diamant ontvang of gekoop het.

Registers ten opsigte van ongeslypte diamante.

**57.** (1) Elke produsent, vervaardiger van sintetiese diamante, handelaar, slyper of gereedskapmaker moet die voorgeskrewe register hou of laat hou waarin die voorgeskrewe besonderhede ten opsigte van ongeslypte diamante aangeteken word.

(2) Elke aantekening bedoel in subartikel (1) moet, in die geval van 'n produsent, binne 24 uur en, in die geval van 'n ander persoon, binne 7 dae gemaak word na die plaasvind van die voorval wat aangeteken word.

(3) Elke persoon wat 'n register ingevolge subartikel (1) moet hou, moet die register behou vir 'n tydperk van minstens twee jaar na die datum waarop die laaste aantekening daarin gemaak is.

Slypers, gereedskapmakers en navorsers moet permit verkry vir verkoop of uitvoer van ongeslypte diamante.

**58.** Ten einde 'n ongeslypte diamant, behalwe ongeslypte diamante in gereedskap of werktuie gemonteer, te verkoop of uit te voer, moet 'n slyper, gereedskapmaker of navorser 'n permit bedoel in artikel 40 (1) *(a)* of *(c)*, na gelang van die geval, verkry.

*Authorized representatives*

Dealings in unpolished diamonds on behalf of juristic persons restricted to authorized representatives.

**52.** No natural person shall sell or purchase any unpolished diamond on behalf of a juristic person unless he is registered as an authorized representative of the juristic person in terms of this Chapter.

Applications for registration of authorized representatives.

**53.** (1) Any juristic person may apply to the Board on the prescribed form for the registration of a natural person as its authorized representative.

(2) A juristic person which has applied in terms of subsection (1) for the registration of an authorized representative shall furnish such additional particulars in connection with its application as the Board may require.

Registration of authorized representatives.

**54.** (1) The Board shall not grant any application referred to in section 53 if it is of the opinion—

*(a)* that the natural person concerned does not comply with the prescribed requirements; or

*(b)* that a sufficient number of authorized representatives have already been registered in respect of the juristic person.

(2) If the Board grants an application referred to in section 53, the executive officer shall register the natural person concerned as an authorized representative of the juristic person and issue to the juristic person a certificate of registration as an authorized representative of the juristic person on the prescribed form.

*Handling of unpolished diamonds*

Receipt of unpolished diamonds by licensees.

**55.** No licensee shall receive or purchase any unpolished diamond—

*(a)* for any purpose other than the activities authorized by his licence; or

*(b)* from any person not lawfully in possession of that diamond.

Notes of receipt or purchase in respect of unpolished diamonds.

**56.** (1) Whenever a licensee receives or purchases any unpolished diamond he shall forthwith complete in duplicate a note of receipt or purchase on the prescribed form.

(2) The original of every note of receipt or purchase completed in terms of subsection (1) shall be handed over to the person who delivered or sold the unpolished diamond, and the copy thereof shall be retained by the licensee for a period of at least two years after the date on which he received or purchased the unpolished diamond.

Registers in respect of unpolished diamonds.

**57.** (1) Every producer, manufacturer of synthetic diamonds, dealer, cutter or tool-maker shall keep or cause to be kept the prescribed register, in which shall be entered the prescribed particulars in respect of unpolished diamonds.

(2) Every entry referred to in subsection (1) shall be made, in the case of a producer, within 24 hours and, in the case of any other person, within 7 days after the occurrence of the event recorded.

(3) Every person required to keep a register in terms of subsection (1) shall retain the register for a period of at least two years after the date on which the last entry was recorded therein.

Cutters, tool-makers and researchers to obtain permit to sell or export unpolished diamonds.

**58.** In order to sell or export any unpolished diamond, other than unpolished diamonds mounted in tools or implements, a cutter, tool-maker or researcher shall obtain a permit referred to in section 40 (1) *(a)* or *(c)*, as the case may be.

*Algemeen*

Ooreenkomste vir verskaffing van ongeslypte diamante aan slypers en gereedskapmakers.

**59.** (1) Ten einde te verseker dat slypers of gereedskapmakers 'n gereelde toevoer van ongeslypte diamante verkry, kan die Raad met 'n produsent, handelaar of 'n vereniging of organisasie van produsente of handelaars 'n ooreenkoms aangaan na aanleiding waarvan so 'n produsent, handelaar, vereniging of organisasie ongeslypte diamante aan elk van die slypers of gereedskapmakers toewys of aanbied.

(2) 'n Ooreenkoms kragtens subartikel (1) aangegaan, kan voorsiening maak vir—

(*a*) die vasstelling van die klas ongeslypte diamante wat aan 'n slyper of gereedskapmaker toegewys of aangebied word;

(*b*) die grondslag of wyse waarop daardie diamante toegewys of aangebied word;

(*c*) die omstandighede waaronder 'n toewysing of aanbieding ingetrek of opgeskort kan word;

(*d*) die koopbedinge en -voorwaardes wat op 'n toewysing of aanbieding van toepassing is; en

(*e*) die beslegting van geskille in verband met 'n toewysing of aanbieding.

(3) 'n Slyper of 'n gereedskapmaker verkry nie 'n reg op 'n toewysing of aanbieding wat uit hoofde van hierdie artikel aan hom gedoen word nie.

## HOOFSTUK VI

### UITVOER VAN DIAMANTE

*Ongeslypte diamante*

Uitvoer van ongeslypte diamante.

**60.** Geen uitvoerder mag 'n ongeslypte diamant vanuit die Republiek uitvoer nie tensy daardie diamant ingevolge hierdie Hoofstuk geregistreer en vrygestel is vir uitvoer.

Registrasie van ongeslypte diamante vir uitvoer.

**61.** (1) 'n Uitvoerder wat 'n ongeslypte diamant vir uitvoer wil registreer, moet by 'n voorgeskrewe uitvoersentrum 'n opgawe op die voorgeskrewe vorm ten opsigte van daardie diamant aan die registrasiebeampte verstrek.

(2) In die opgawe ingevolge subartikel (1) verstrek, moet die uitvoerder die waarde van die ongeslypte diamant vermeld en verklaar dat die waarde aldus vermeld na sy beste wete en oortuiging die billike markwaarde van daardie diamant is.

(3) 'n Opgawe in subartikel (1) bedoel, gaan vergesel van die betrokke ongeslypte diamant en die voorgeskrewe stukke.

(4) Indien die registrasiebeampte oortuig is dat 'n uitvoerder die bepalings van hierdie artikel en, waar van toepassing, artikel 77 nagekom het, moet hy die betrokke ongeslypte diamant vir uitvoer registreer.

Heffing van uitvoerbelasting op ongeslypte diamante.

**62.** (1) Behoudens die bepalings van artikels 63 en 64 moet die Raad 'n uitvoerbelasting hef op elke ongeslypte diamant wat vanuit die Republiek uitgevoer word.

(2) Die uitvoerbelasting bedra 15 persent van die billike markwaarde van 'n ongeslypte diamant in die Republiek soos op die datum waarop daardie diamant ingevolge hierdie Hoofstuk vir uitvoer geregistreer word.

Vrystelling van uitvoerbelasting.

**63.** (1) 'n Ongeslypte diamant is van uitvoerbelasting vrygestel—

(*a*) indien die Raad oortuig is dat—

(i) daardie diamant gewin of uitgehaal is in 'n myn of alluviale delwery soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet No. 73 van 1964), of in 'n bepaalde gedeelte van so 'n alluviale delwery, wat op die datum waarop daardie diamant ingevolge hierdie Hoofstuk vir uitvoer geregistreer word, goedgekeur is deur die Minister, met die instemming van die Minister van Finan-

*General*

Agreements for supply of unpolished diamonds to cutters and tool-makers.

**59.** (1) In order to ensure that cutters or tool-makers obtain a regular supply of unpolished diamonds, the Board may enter into an agreement with any producer, dealer or any association or organization of producers or dealers in pursuance of which any such producer, dealer, association or organization allocates or offers unpolished diamonds to each of those cutters or tool-makers.

(2) An agreement entered into under subsection (1) may provide for—

*(a)* the determination of the class of unpolished diamonds to be allocated or offered to a cutter or tool-maker;
*(b)* the basis on or manner in which those diamonds are to be allocated or offered;
*(c)* the circumstances under which an allocation or offer may be cancelled or suspended;
*(d)* the terms and conditions of sale applicable to an allocation or offer; and
*(e)* the settlement of disputes in connection with an allocation or offer.

(3) A cutter or tool-maker shall not acquire any right to an allocation or offer made to him by virtue of this section.

## CHAPTER VI

### EXPORT OF DIAMONDS

*Unpolished diamonds*

Export of unpolished diamonds.

**60.** No exporter shall export any unpolished diamond from the Republic unless that diamond has been registered and released for export in terms of this Chapter.

Registration of unpolished diamonds for export.

**61.** (1) Any exporter who desires to register any unpolished diamond for export shall at a prescribed export centre furnish the registering officer with a return on the prescribed form in respect of that diamond.

(2) In the return furnished in terms of subsection (1) the exporter shall specify the value of the unpolished diamond and declare that the value so specified is to the best of his knowledge and belief the fair market value of that diamond.

(3) A return referred to in subsection (1) shall be accompanied by the unpolished diamond in question and the prescribed documents.

(4) If the registering officer is satisfied that an exporter has complied with the provisions of this section and, where applicable, section 77, he shall register the unpolished diamond in question for export.

Levying of export duty on unpolished diamonds.

**62.** (1) Subject to the provisions of sections 63 and 64, the Board shall levy an export duty on every unpolished diamond exported from the Republic.

(2) The export duty shall amount to 15 per cent of the fair market value of an unpolished diamond in the Republic as at the date on which that diamond is registered for export in terms of this Chapter.

Exemption from export duty.

**63.** (1) An unpolished diamond shall be exempted from export duty—

*(a)* if the Board is satisfied that—
(i) that diamond has been won or recovered in any mine or alluvial digging as defined in section 1 of the Precious Stones Act, 1964 (Act No. 73 of 1964), or in any particular portion of any such alluvial digging, which at the date on which that diamond is registered for export in terms of this Chapter has been approved by the Minister, with the concurrence of the Minister of Finance, as any such mine, digging

sies, as so 'n myn, delwery of gedeelte wat weens ongunstige ekonomiese of ander omstandighede nie winsgewend ontgin of ontwikkel kan word nie, maar in die nasionale belang ontgin of ontwikkel behoort te word;

(ii) daardie diamant na aanleiding van 'n ooreenkoms bedoel in artikel 59 aan 'n slyper of gereedskapmaker toegewys of aangebied is of op die voorgeskrewe wyse by 'n diamantbeurs geregistreer ingevolge hierdie Wet te koop aangebied is, en dat dit nie teen 'n billike prys verkoop kon word nie; of

(iii) daardie diamant buite die Republiek gewin of gevind is;

*(b)* indien dit 'n sintetiese diamant is; of

*(c)* indien die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, bepaal dat dit aldus vrygestel is.

(2) Die registrasiebeampte moet ten opsigte van elke ongeslypte diamant wat ingevolge hierdie artikel van uitvoerbelasting vrygestel is, 'n sertifikaat van vrystelling op die voorgeskrewe vorm aan die betrokke uitvoerder uitreik.

Uitstel van betaling van uitvoerbelasting.

**64.** (1) Indien die Raad oortuig is dat 'n ongeslypte diamant uitgevoer word—

*(a)* om uitgestal of vertoon te word;

*(b)* om 'n deskundige mening daaromtrent in te win;

*(c)* in die geval waar daardie diamant buitengewoon groot of waardevol is, in 'n poging om 'n koper daarvoor te vind; of

*(d)* onder omstandighede waar daardie diamant waarskynlik, sonder dat dit verkoop is, aan die uitvoerder terugbesorg sal word,

kan die Raad die betaling van uitvoerbelasting op daardie diamant uitstel vir die tydperk, maar hoogstens ses maande vanaf die datum waarop daardie diamant ingevolge hierdie Hoofstuk vir uitvoer geregistreer is, wat die Raad bepaal.

(2) Indien die betaling van uitvoerbelasting op 'n ongeslypte diamant kragtens subartikel (1) uitgestel is, moet die registrasiebeampte ten opsigte van daardie diamant 'n sertifikaat van uitstel op die voorgeskrewe vorm aan die betrokke uitvoerder uitreik.

(3) Uitvoerbelasting vermeld in 'n sertifikaat uitgereik ingevolge subartikel (2) is, behoudens subartikel (4), betaalbaar binne 30 dae vanaf die datum waarop die sertifikaat verval.

(4) Geen uitvoerbelasting is betaalbaar nie op 'n ongeslypte diamant ten opsigte waarvan die betaling van uitvoerbelasting kragtens hierdie artikel uitgestel is indien daardie diamant binne die tydperk deur die Raad kragtens subartikel (1) bepaal in die Republiek aan die uitvoerder terugbesorg word.

Ondersoek en waardasie van ongeslypte diamante.

**65.** (1) Die registrasiebeampte kan—

*(a)* 'n ongeslypte diamant wat ingevolge hierdie Hoofstuk vir uitvoer geregistreer is, ondersoek en enige besonderhede wat ten opsigte daarvan verstrek is, nagaan; en

*(b)* sodanige diamant terughou ten einde die waarde daarvan te laat bepaal op die voorgeskrewe wyse of deur 'n persoon deur die Raad vir daardie bepaalde waardasie of vir waardasies in die algemeen aangewys.

(2) Die persoon wat die waarde van 'n ongeslypte diamant bedoel in subartikel (1) *(b)* bepaal het, moet 'n sertifikaat aan die registrasiebeampte verstrek waarin hy die waarde van daardie diamant vermeld asook die naam van 'n persoon wat bereid is om daardie diamant te koop teen die waarde aldus vermeld.

(3) 'n Sertifikaat ingevolge subartikel (2) verstrek, word geag 'n aanbod te wees aan die uitvoerder deur die persoon daarin vermeld om die betrokke diamant by die uitvoerder te koop teen die waarde daarin vermeld.

or portion which cannot be profitably worked or developed owing to unfavourable economic or other circumstances, but should in the national interest be worked or developed;

(ii) that diamond has been allocated or offered to a cutter or tool-maker in pursuance of an agreement referred to in section 59 or has in the prescribed manner been offered for sale at a diamond exchange registered in terms of this Act, and that it could not be sold at a fair price; or

(iii) that diamond has been won or found outside the Republic;

*(b)* if it is a synthetic diamond; or

*(c)* if the Minister, with the concurrence of the Minister of Finance, determines that it is so exempted.

(2) The registering officer shall in respect of every unpolished diamond exempted from export duty in terms of this section issue to the exporter concerned a certificate of exemption on the prescribed form.

Deferment of payment of export duty.

**64.** (1) If the Board is satisfied that any unpolished diamond is exported—

*(a)* to be exhibited or displayed;

*(b)* to obtain an expert opinion on it;

*(c)* in the case where that diamond is of unusual size or value, in an endeavour to find a purchaser for it; or

*(d)* in circumstances where that diamond is likely to be returned unsold to the exporter,

the Board may defer payment of export duty on that diamond for such period, but not exceeding six months from the date upon which that diamond was registered for export in terms of this Chapter, as the Board may determine.

(2) If the payment of export duty on an unpolished diamond has been deferred under subsection (1), the registration officer shall in respect of that diamond issue to the exporter concerned a certificate of deferment on the prescribed form.

(3) Export duty specified in a certificate issued in terms of subsection (2) shall, subject to subsection (4), be payable within 30 days from the date upon which the certificate lapses.

(4) No export duty shall be payable on any unpolished diamond in respect of which the payment of export duty has been deferred under this section if that diamond is returned to the Republic to the exporter within the period determined by the Board under subsection (1).

Examination and valuation of unpolished diamonds.

**65.** (1) The registering officer may—

*(a)* examine any unpolished diamond registered for export in terms of this Chapter and verify any particulars furnished in respect thereof; and

*(b)* retain such diamond in order to have the value thereof assessed in the prescribed manner or by any person designated by the Board for that particular valuation or for valuations in general.

(2) The person who has assessed the value of an unpolished diamond referred to in subsection (1) *(b)*, shall furnish the registering officer with a certificate in which he specifies the value of that diamond and the name of a person who is prepared to purchase that diamond at the value so specified.

(3) A certificate furnished in terms of subsection (2) shall be deemed to be an offer to the exporter by the person specified therein to purchase the diamond in question at the value specified therein.

Markwaarde.

**66.** Vir die doeleindes van die heffing van uitvoerbelasting op 'n ongeslypte diamant ingevolge hierdie Hoofstuk word—

*(a)* die waarde van daardie diamant soos vermeld in die opgawe in artikel 61 (2) bedoel; of

*(b)* die waarde van daardie diamant soos vermeld in die sertifikaat in artikel 65 (2) bedoel,

welke waarde ook al die hoogste is, geag die billike markwaarde van daardie diamant te wees.

Boete in geval van verskil in waardes.

**67.** (1) Indien die waarde van 'n ongeslypte diamant soos vermeld in die sertifikaat in artikel 65 (2) bedoel die waarde van daardie diamant soos vermeld in die opgawe in artikel 61 (2) bedoel met 20 persent of meer oorskry, moet die Raad die betrokke uitvoerder 'n boete oplê wat gelyk is aan 20 persent van sodanige verskil in waarde.

(2) Die oplegging van 'n boete ingevolge subartikel (1) word nie geraak nie deur die besluit van die betrokke uitvoerder om die aanbod bedoel in artikel 65 (3) ten opsigte van die ongeslypte diamant te aanvaar of om dit nie meer uit te voer nie.

(3) 'n Boete ingevolge subartikel (1) opgelê, is betaalbaar binne 30 dae vanaf die datum waarop dit opgelê is.

Betaling van uitvoerbelasting en boete.

**68.** (1) Enige uitvoerbelasting gehef of enige boete opgelê ingevolge hierdie Hoofstuk moet deur die betrokke uitvoerder aan die Raad ten bate van die Staatsinkomstefonds betaal word.

(2) Die Raad moet aan die uitvoerder 'n kwitansie uitreik ten opsigte van enige uitvoerbelasting of boete deur die uitvoerder betaal.

(3) Geld wat aan die Raad ingevolge hierdie artikel betaal is, word binne sewe dae na ontvangs daarvan in die Staatsinkomstefonds gestort.

Vrystelling van ongeslypte diamante vir uitvoer.

**69.** (1) Die registrasiebeampte stel nie 'n ongeslypte diamant vir uitvoer vry nie tensy—

*(a)* daardie diamant ingevolge hierdie Hoofstuk vir uitvoer geregistreer is;

*(b)* òf 'n sertifikaat van vrystelling òf 'n sertifikaat van uitstel òf 'n kwitansie vir die betaling van uitvoerbelasting aan die uitvoerder ten opsigte van daardie diamant ingevolge hierdie Hoofstuk uitgereik is;

*(c)* die uitvoerder enige boete wat hom ingevolge artikel 67 opgelê is, betaal het;

*(d)* die registrasiebeampte oortuig is dat die bepalings van 'n ander wet met betrekking tot die uitvoer van daardie diamant nagekom is; en

*(e)* daardie diamant in 'n pakket opgemaak is op die wyse wat die registrasiebeampte bepaal.

(2) Die registrasiebeampte stel 'n ongeslypte diamant vir uitvoer vry deur die pakket in subartikel (1) *(e)* bedoel met die seël van die Raad te verseël.

*Geslypte diamante*

Uitvoer van geslypte diamante.

**70.** Niemand mag 'n geslypte diamant, ongeag of dit in juweliersware gemonteer is al dan nie, vanuit die Republiek uitvoer nie tensy daardie diamant ingevolge hierdie Hoofstuk geregistreer en vrygestel is vir uitvoer.

Registrasie van geslypte diamante vir uitvoer.

**71.** (1) Iemand wat 'n geslypte diamant vir uitvoer wil registreer, moet by 'n voorgeskrewe uitvoersentrum 'n opgawe op die voorgeskrewe vorm ten opsigte van daardie diamant aan die registrasiebeampte verstrek.

(2) 'n Opgawe in subartikel (1) bedoel, gaan vergesel van die betrokke geslypte diamant en die voorgeskrewe stukke.

(3) Indien die registrasiebeampte oortuig is dat die bepalings van hierdie artikel nagekom is, moet hy die betrokke geslypte diamant vir uitvoer registreer.

**66.** For the purposes of levying export duty on any unpolished diamond in terms of this Chapter— Market value.

(*a*) the value of that diamond as specified in the return referred to in section 61 (2); or

(*b*) the value of that diamond as specified in the certificate referred to in section 65 (2),

whichever is the higher value, shall be deemed to be the fair market value of that diamond.

**67.** (1) If the value of an unpolished diamond as specified in the certificate referred to in section 65 (2) exceeds the value of that diamond as specified in the return referred to in section 61 (2) by 20 per cent or more, the Board shall impose upon the exporter concerned a fine equal to 20 per cent of such difference in value. Fine in case of difference in values.

(2) The imposition of a fine in terms of subsection (1) shall not be affected by the decision of the exporter concerned to accept the offer referred to in section 65 (3) in respect of the unpolished diamond or not to export it any longer.

(3) A fine imposed in terms of subsection (1) shall be payable within 30 days from the date upon which it was imposed.

**68.** (1) Any export duty levied or any fine imposed in terms of this Chapter shall be paid by the exporter concerned to the Board for the benefit of the State Revenue Fund. Payment of export duty and fine.

(2) The Board shall issue to the exporter a receipt in respect of any export duty or fine paid by the exporter.

(3) Any money paid to the Board in terms of this section shall be paid into the State Revenue Fund within seven days after receipt thereof.

**69.** (1) The registering officer shall not release any unpolished diamond for export unless— Release of unpolished diamonds for export.

(*a*) that diamond was registered for export in terms of this Chapter;

(*b*) either a certificate of exemption, a certificate of deferment or a receipt for the payment of export duty has been issued to the exporter in respect of that diamond in terms of this Chapter;

(*c*) the exporter has paid any fine imposed upon him in terms of section 67;

(*d*) the registering officer is satisfied that the provisions of any other law relating to the export of that diamond have been complied with; and

(*e*) that diamond has been made up in a packet in such manner as the registering officer may determine.

(2) The registering officer shall release an unpolished diamond for export by sealing the packet referred to in subsection (1) *(e)* with the seal of the Board.

*Polished diamonds*

**70.** No person shall export any polished diamond, irrespective of whether it is set in jewellery or not, from the Republic unless that diamond has been registered and released for export in terms of this Chapter. Export of polished diamonds.

**71.** (1) Any person who desires to register any polished diamond for export shall at a prescribed export centre furnish the registering officer with a return on the prescribed form in respect of that diamond. Registration of polished diamonds for export.

(2) A return referred to in subsection (1) shall be accompanied by the polished diamond in question and the prescribed documents.

(3) If the registering officer is satisfied that the provisions of this section have been complied with, he shall register the polished diamond in question for export.

Ondersoek en terughouding van geslypte diamante.

**72.** (1) Die registrasiebeampte kan—

*(a)* 'n geslypte diamant wat ingevolge hierdie Hoofstuk vir uitvoer geregistreer is, ondersoek en enige besonderhede wat ten opsigte daarvan verstrek is, nagaan; en

*(b)* sodanige diamant terughou ten einde—

(i) die waarde daarvan te laat bepaal op die voorgeskrewe wyse of deur 'n persoon deur die Raad vir daardie bepaalde waardasie of vir waardasies in die algemeen aangewys; of

(ii) vas te stel of dit inderdaad 'n geslypte diamant is.

Vrystelling van geslypte diamante vir uitvoer.

**73.** (1) Die registrasiebeampte stel nie 'n geslypte diamant vir uitvoer vry nie tensy—

*(a)* daardie diamant ingevolge hierdie Hoofstuk vir uitvoer geregistreer is;

*(b)* die registrasiebeampte oortuig is dat die bepalings van 'n ander wet met betrekking tot die uitvoer van daardie diamant nagekom is; en

*(c)* daardie diamant in 'n pakket opgemaak is op die wyse wat die registrasiebeampte bepaal.

(2) Die registrasiebeampte stel 'n geslypte diamant vir uitvoer vry deur die pakket in subartikel (1) *(c)* bedoel met die seël van die Raad te verseël.

Vrystelling van bepalings met betrekking tot registrasie van geslypte diamante.

**74.** Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n persoon of kategorie persone van die bepalings van artikel 60 of 70 vrystel op die voorwaardes in die kennisgewing vermeld.

*Algemeen*

Raad se beslissing oor ongeslypte of geslypte diamante.

**75.** Indien daar in verband met die uitvoer van diamante die vraag ontstaan of 'n diamant 'n ongeslypte of 'n geslypte diamant is, is die Raad se beslissing daaroor afdoende.

Bepaling van waarde van ongeslypte en geslypte diamante.

**76.** By die toepassing van hierdie Hoofstuk word die waarde van 'n ongeslypte of geslypte diamant bepaal—

*(a)* deur die waarde van alle diamante wat aangegee is in die opgawe bedoel in artikel 61 (1) of 71 (1), na gelang van die geval, gesamentlik te bepaal; en

*(b)* op die verdere grondslag wat voorgeskryf word.

## HOOFSTUK VII

### BEHEERMAATREËLS

Beheer oor produksie van diamante.

**77.** (1) Die Minister kan te eniger tyd op aanbeveling van die Raad en by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

*(a)* die maksimum hoeveelheid ongeslypte diamante volgens waarde vasstel wat gedurende die tydperk in die kennisgewing vermeld deur 'n produsent of 'n aldus vermelde produsent van die hand gesit of uitgevoer mag word;

*(b)* gelas dat die waarde van alle ongeslypte diamante, of van 'n klas ongeslypte diamante in die kennisgewing vermeld, wat gewin of uitgehaal word deur 'n produsent of 'n aldus vermelde produsent op die wyse in die kennisgewing vermeld, bepaal moet word, en so 'n produsent of vermelde produsent verbied om sodanige diamante, of klas diamante, sonder die goedkeuring van die Minister te verkoop teen 'n prys benede die waarde aldus bepaal;

*(c)* 'n produsent of 'n produsent in die kennisgewing vermeld, verbied om 'n ongeslypte diamant van die hand te sit aan, of uit te voer deur bemiddeling van, iemand anders as 'n persoon in die kennisgewing vermeld;

*(d)* verklaar dat—

(i) vanaf die datum in die kennisgewing vermeld geen ooreenkoms wat vir die vandiehandsetting van ongeslypte diamante aangegaan word deur 'n produ-

*Examination and retention of polished diamonds.*

**72.** The registering officer may—

(*a*) examine any polished diamond registered for export in terms of this Chapter and verify any particulars furnished in respect thereof; and

(*b*) retain such diamond in order to—

(i) have the value thereof assessed in the prescribed manner or by any person designated by the Board for that particular valuation or for valuations in general; or

(ii) determine whether it is in fact a polished diamond.

*Release of polished diamonds for export.*

**73.** (1) The registering officer shall not release any polished diamond for export unless—

(*a*) that diamond was registered for export in terms of this Chapter;

(*b*) the registering officer is satisfied that the provisions of any other law relating to the export of that diamond have been complied with; and

(*c*) that diamond has been made up in a packet in such manner as the registering officer may determine.

(2) The registering officer shall release a polished diamond for export by sealing the packet referred to in subsection (1) *(c)* with the seal of the Board.

*Exemption from provisions relating to registration of polished diamonds.*

**74.** The Minister may by notice in the *Gazette* exempt any person or category of persons from the provisions of section 60 or 70 on such conditions as may be specified in the notice.

### *General*

*Board's decision on unpolished or polished diamonds.*

**75.** If in connection with the export of diamonds the question arises whether any diamond is an unpolished or a polished diamond the Board's decision thereon shall be final.

*Assessment of value of unpolished and polished diamonds.*

**76.** For the purposes of this Chapter, the value of any unpolished or polished diamond shall be assessed—

(*a*) by assessing jointly the value of all diamonds indicated on the return referred to in section 61 (1) or 71 (1), as the case may be; and

(*b*) on such further basis as may be prescribed.

## CHAPTER VII

### CONTROL MEASURES

*Control over production of diamonds.*

**77.** (1) The Minister may at any time on the recommendation of the Board and by notice in the *Gazette*—

(*a*) determine the maximum quantity in value of unpolished diamonds which may during the period specified in the notice be disposed of or exported by any producer or a producer so specified;

(*b*) direct that the value of all unpolished diamonds, or of a class of unpolished diamonds specified in the notice, won or recovered by any producer or a producer so specified be assessed in the manner specified in the notice, and prohibit any such producer or specified producer to sell such diamonds, or class of diamonds, without the approval of the Minister at a price below the value so assessed;

(*c*) prohibit any producer or a producer specified in the notice to dispose of any unpolished diamond to, or export it through the agency of, any person other than a person specified in the notice;

(*d*) declare that—

(i) from the date specified in the notice no agreement entered into by any producer or a producer so specified for the disposal of unpolished diamonds

sent of 'n aldus vermelde produsent geldig is nie tensy so 'n ooreenkoms deur die Minister goedgekeur word; en

(ii) 'n ooreenkoms wat voor die datum van die kennisgewing vir die vandiehandsetting van ongeslypte diamante aangegaan is deur 'n produsent of 'n aldus vermelde produsent ongeldig is ten opsigte van ongeslypte diamante wat na daardie datum na aanleiding van so 'n ooreenkoms gelewer word tensy so 'n ooreenkoms deur die Minister goedgekeur word.

(2) Die Minister kan te eniger tyd 'n kennisgewing in subartikel (1) bedoel by dergelike kennisgewing in die *Staatskoerant* wysig of intrek.

Verstrekking van inligting aan Raad.

**78.** (1) Die Raad kan iemand skriftelik gelas—

*(a)* om periodiek of andersins en voor die datums of binne die tydperk in die lasgewing vermeld aan die Raad die inligting te verstrek wat die Raad nodig ag om sy werksaamhede kragtens hierdie Wet doeltreffend te verrig en waaroor so iemand beskik; of

*(b)* om binne die tydperk in die lasgewing vermeld aan die Raad 'n register, boek of stuk in die besit of bewaring of onder die beheer van so iemand voor te lê wat sodanige inligting bevat of vermoedelik bevat.

(2) Die Raad kan vereis dat inligting kragtens subartikel (1) *(a)* aangevra in die vorm van 'n beëdigde verklaring verstrek word.

(3) Die Raad kan 'n register, boek of stuk ingevolge subartikel (1) *(b)* aan hom voorgelê, ondersoek of 'n uittreksel daaruit of 'n afskrif daarvan maak.

Ondersoeke deur Raad.

**79.** (1) Die Raad kan 'n ondersoek instel betreffende 'n aangeleentheid waarop hierdie Wet betrekking het.

(2) Vir die doeleindes van so 'n ondersoek kan die Raad—

*(a)* iemand wat na sy oordeel in staat is om inligting van wesenlike belang te verstrek omtrent die onderwerp van die ondersoek, of wat vermoed word 'n register, boek, stuk of saak in sy besit of bewaring of onder sy beheer het wat betrekking op daardie onderwerp kan hê, dagvaar om voor die Raad te verskyn;

*(b)* iemand wat by die ondersoek teenwoordig is en kragtens paragraaf *(a)* gedagvaar is of kon gewees het, oproep en hom 'n eed oplê of van hom 'n bevestiging aanneem;

*(c)* iemand wat kragtens paragraaf *(b)* opgeroep is, ondervra of verg dat hy 'n register, boek, stuk of saak bedoel in paragraaf *(a)* voorlê.

(3) 'n Dagvaarding van iemand om voor die Raad te verskyn, moet in die vorm wees wat die uitvoerende beampte bepaal, word deur die uitvoerende beampte onderteken, en word op dieselfde wyse beteken as 'n dagvaarding vir die verskyning van 'n getuie in 'n siviele aksie in 'n landdroshof.

(4) Die regsreëls met betrekking tot privilegie wat geld in die geval van 'n persoon wat gedagvaar is om voor 'n geregshof getuienis af te lê of 'n stuk of saak voor te lê, is van toepassing ten opsigte van die ondervraging van, of die voorlegging van 'n register, boek, stuk of saak deur, iemand in subartikel (2) *(c)* bedoel.

Aanstelling van inspekteurs.

**80.** (1) Die Raad kan 'n persoon in sy diens as 'n inspekteur aanstel.

(2) 'n Inspekteur moet voorsien word van 'n aanstellingsertifikaat wat deur die uitvoerende beampte onderteken is en waarin verklaar word dat hy as 'n inspekteur kragtens hierdie Wet aangestel is.

Werksaamhede van inspekteurs en polisiebeamptes.

**81.** (1) Benewens die ander werksaamhede wat aan 'n inspekteur of 'n polisiebeampte by of kragtens 'n ander wet opgedra word, kan die inspekteur of polisiebeampte—

shall be valid unless such an agreement is approved by the Minister; and

(ii) any agreement entered into prior to the date of the notice by any producer or a producer so specified for the disposal of unpolished diamonds shall be invalid in respect of unpolished diamonds delivered after that date in pursuance of such an agreement unless such an agreement is approved by the Minister.

(2) The Minister may at any time amend or withdraw a notice referred to in subsection (1) by like notice in the *Gazette*.

Furnishing Board with information.

**78.** (1) The Board may in writing direct any person—

*(a)* to furnish the Board periodically or otherwise and before the dates or within the period specified in the direction with such information as the Board may consider necessary to perform effectively its functions under this Act and as may be available to any such person; or

*(b)* to submit to the Board within the period specified in the direction any register, book or document in the possession or custody or under the control of any such person which contains or is believed to contain any such information.

(2) The Board may require that information requested under subsection (1) *(a)* be furnished in the form of a sworn statement.

(3) The Board may examine a register, book or document submitted to it in terms of subsection (1) *(b)* or make an extract therefrom or a copy thereof.

Inquiries by Board.

**79.** (1) The Board may inquire into any matter to which this Act relates.

(2) For the purposes of any such inquiry, the Board may—

*(a)* summon any person who in its opinion may be able to give information of material importance concerning the subject of the inquiry, or who is believed to have in his possession or custody or under his control any register, book, document or thing which may have a bearing on that subject, to appear before the Board;

*(b)* call upon, and administer an oath to, or accept an affirmation from, any person present at the inquiry who was or could have been summoned under paragraph *(a)*;

*(c)* interrogate or require any person who was called upon under paragraph *(b)* to produce a register, book, document or thing referred to in paragraph *(a)*.

(3) A summons for the attendance before the Board of any person shall be in the form determined by the executive officer, shall be signed by the executive officer, and shall be served in the same manner as a summons for the attendance of a witness at a civil action in a magistrate's court.

(4) The law relating to privilege as applicable to a person summoned to give evidence or to produce a document or thing before a court of law shall be applicable in respect of the interrogation of, or the production of a register, book, document or thing by, any person referred to in subsection (2) *(c)*.

Appointment of inspectors.

**80.** (1) The Board may appoint any person in its service as an inspector.

(2) An inspector shall be furnished with a certificate of appointment signed by the executive officer and stating that he has been appointed as an inspector under this Act.

Functions of inspectors and police officials.

**81.** (1) In addition to the other functions assigned to an inspector or a police official by or under any other law, the inspector or police official may—

(a) te enige redelike tyd 'n perseel of ander eiendom of 'n vaartuig waarop 'n bedrywigheid in verband met ongeslypte diamante uitgeoefen word, betree en op so 'n perseel, eiendom of vaartuig die handelinge verrig wat nodig is om vas te stel of die bepalings van hierdie Wet nagekom is of word;

(b) indien hy redelike gronde het om te vermoed dat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet ten opsigte van 'n diamant gepleeg is, of ten opsigte van of deur middel van masjinerie gepleeg is of gepleeg gaan word, te eniger tyd 'n perseel of ander eiendom of 'n vaartuig, voertuig of lugvaartuig waarop of waarin sodanige diamant of masjinerie vermoedelik is, betree en deursoek;

(c) indien hy redelike gronde het om te vermoed dat masjinerie gebruik word of bestem is vir gebruik in verband met die slyp van diamante, sodanige masjinerie ondersoek, toets of fotografeer;

(d) iemand ondervra wat na sy oordeel moontlik in staat is om inligting te verstrek betreffende 'n aangeleentheid waarop hierdie Wet betrekking het, en vir dié doel vereis dat 'n vaartuig of voertuig tot stilstand gebring word;

(e) indien hy redelike gronde het om te vermoed dat iemand 'n misdryf ingevolge hierdie Wet ten opsigte van 'n diamant gepleeg het, so iemand of 'n artikel in sy besit of bewaring of onder sy beheer deursoek of laat deursoek: Met dien verstande dat 'n vrou slegs deur 'n vrou deursoek word;

(f) van iemand wat 'n register of stuk kragtens hierdie Wet in sy besit of bewaring of onder sy beheer het, vereis dat so 'n register of stuk dadelik, of op die tyd en plek wat hy bepaal, voorgelê word;

(g) so 'n register of stuk ondersoek of 'n uittreksel daaruit of 'n afskrif daarvan maak, en kan van iemand 'n verduideliking van 'n inskrywing daarin vereis;

(h) indien hy redelike gronde het om te vermoed dat 'n pakket wat deur die pos versend word of is 'n diamant bevat, so 'n pakket, ondanks andersluidende bepalings van 'n ander wet, onderweg of andersins stop of laat stop en in die teenwoordigheid van die persoon wat so 'n pakket versend het, of 'n ander geskikte persoon, oopmaak en ondersoek;

(i) beslag lê op so 'n diamant, masjinerie, register of stuk wat bewys skyn te lewer van 'n oortreding van 'n bepaling van hierdie Wet.

(2) 'n Tolk of 'n polisiebeampte kan 'n inspekteur by die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet vergesel.

(3) 'n Inspekteur verrig nie 'n werksaamheid kragtens hierdie Wet nie tensy hy ten tyde van die verrigting van daardie werksaamheid in besit is van 'n aanstellingsertifikaat in artikel 80 (2) bedoel, welke sertifikaat getoon moet word op versoek van iemand wat deur die verrigting van daardie werksaamheid geraak word.

## HOOFSTUK VIII

### MISDRYWE, STRAWWE EN ANDER GEREGTELIKE AANGELEENTHEDE

Misdrywe met betrekking tot onwettige dade.

**82.** Iemand wat—

(a) 'n bepaling van artikel 18, 19 (1), 20 of 21 oortree;

(b) 'n ongeslypte diamant in die besit, of op die perseel of in of op die vaartuig, voertuig of lugvaartuig, van 'n ander persoon plaas met die opset dat daardie ander persoon van 'n misdryf ingevolge hierdie Wet aangekla word;

(c) 'n bepaling van artikel 22, 23 of 24 oortree; of

(d) versuim om aan 'n bepaling van artikel 25 (1) te voldoen,

is aan 'n misdryf skuldig.

(a) at any reasonable time enter any premises or other property or any vessel on which any activity in connection with unpolished diamonds is carried on and perform on any such premises, property or vessel such acts as may be necessary to ascertain whether the provisions of this Act have been or are complied with;

(b) if he has reasonable grounds to suspect that an offence under this Act has been committed in respect of any diamond, or has been or is about to be committed in respect of or by means of any machinery, at any time enter and search any premises or other property or any vessel, vehicle or aircraft on or in which such diamond or machinery is suspected to be found;

(c) if he has reasonable grounds to suspect that any machinery is used or intended for use in connection with the polishing of diamonds, examine, test or take photographs of such machinery;

(d) question any person who in his opinion may be capable of furnishing any information on any matter to which this Act relates, and for that purpose require a vessel or vehicle to be stopped;

(e) if he has reasonable grounds to suspect that any person has committed an offence under this Act in respect of any diamond, search or cause to be searched any such person or any article in his possession or custody or under his control: Provided that a woman shall be searched by a woman only;

(f) require from any person who has in his possession or custody or under his control any register or document under this Act, to produce to him forthwith, or at such time and place as may be determined by him, any such register or document;

(g) examine any such register or document or make an extract therefrom or a copy thereof, and require from any person an explanation of any entry in any such register or document;

(h) if he has reasonable grounds to suspect that any packet which is being or has been transmitted through the post contains any diamond, notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, stop or cause to be stopped either during transit or otherwise any such packet, and open and examine any such packet in the presence of the person by whom it was dispatched, or any other suitable person;

(i) seize any such diamond, machinery, register or document which appears to provide proof of a contravention of a provision of this Act.

(2) An interpreter or a police official may accompany an inspector when he performs his functions under this Act.

(3) An inspector shall not perform any function under this Act unless he is at the time of performing that function in possession of a certificate of appointment referred to in section 80 (2), which certificate shall be produced at the request of any person affected by the performance of that function.

## CHAPTER VIII

### OFFENCES, PENALTIES AND OTHER JUDICIAL MATTERS

Offences relating to illegal acts.

**82.** Any person who—

(a) contravenes a provision of section 18, 19 (1), 20 or 21;

(b) places any unpolished diamond in the possession, or on the premises or in or on the vessel, vehicle or aircraft, of any other person with intent that such other person be charged with an offence under this Act;

(c) contravenes a provision of section 22, 23 or 24; or

(d) fails to comply with a provision of section 25 (1),

shall be guilty of an offence.

Misdrywe met betrekking tot diamantbedryf.

**83.** Iemand wat—

*(a)* 'n vasstelling, lasgewing of verbod kragtens artikel 77 (1) oortree, of 'n ongeslypte diamant lewer na aanleiding van 'n ooreenkoms wat uit hoofde van die bepalings van genoemde artikel ongeldig is;

*(b)* 'n bepaling van artikel 33, 35 (1), 44, 48, 50 (1), 52 of 55 oortree;

*(c)* 'n voorwaarde van 'n lisensie, permit of sertifikaat kragtens hierdie Wet oortree of versuim om daaraan te voldoen;

*(d)* versuim om aan 'n bepaling van artikel 36 (1), 38 (2), 51, 56 of 57 te voldoen; of

*(e)* versuim om aan 'n versoek of kennisgewing kragtens artikel 30 (4), 43 (3) of 93 (1) te voldoen,

is aan 'n misdryf skuldig.

Misdrywe met betrekking tot uitvoer van diamante.

**84.** Iemand wat—

*(a)* 'n bepaling van artikel 60 oortree;

*(b)* 'n bepaling van artikel 70 oortree;

*(c)* in verband met die registrasie van 'n ongeslypte of geslypte diamant vir uitvoer opsetlik inligting verstrek of 'n verklaring doen wat vals of misleidend is; of

*(d)* versuim om aan 'n bepaling van artikel 64 (3) of 67 (3) te voldoen,

is aan 'n misdryf skuldig.

Misdrywe met betrekking tot werksaamhede van Raad, inspekteurs en polisiebeamptes.

**85.** Iemand wat—

*(a)* versuim om aan 'n lasgewing kragtens artikel 78 (1) te voldoen;

*(b)* behoorlik kragtens artikel 79 gedagvaar is en wat sonder voldoende gronde in gebreke bly—

(i) om op die in die dagvaarding bepaalde tyd en plek te verskyn; of

(ii) om teenwoordig te bly totdat hy deur die persoon wat by die ondersoek voorsit van verdere bywoning onthef word;

*(c)* kragtens artikel 79 (2) *(b)* opgeroep is en wat weier om as getuie beëdig te word of 'n bevestiging te doen;

*(d)* sonder voldoende gronde in gebreke bly—

(i) om 'n vraag wat wettig aan hom kragtens artikel 79 (2) *(c)* gestel word volledig en bevredigend te beantwoord; of

(ii) om 'n register, boek, stuk of saak in sy besit of bewaring of onder sy beheer voor te lê wat hy kragtens artikel 79 (2) *(c)* moes voorlê;

*(e)* 'n inspekteur of polisiebeampte by die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet hinder of belemmer;

*(f)* weier of versuim om na sy beste vermoë te voldoen aan 'n vereiste of versoek wat 'n inspekteur of polisiebeampte by die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet aan hom gestel het;

*(g)* weier of versuim om na sy beste vermoë 'n vraag te beantwoord wat 'n inspekteur of polisiebeampte by die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet aan hom gestel het;

*(h)* opsetlik aan 'n inspekteur of polisiebeampte inligting verstrek wat vals of misleidend is; of

*(i)* behalwe vir die doeleindes van die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet of wanneer dit deur 'n hof of ingevolge die een of ander wet van hom vereis word, inligting wat deur hom by die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet verkry is aan iemand anders openbaar,

is aan 'n misdryf skuldig.

Misdrywe waarby bedrieglike optrede betrokke is.

**86.** Iemand wat—

*(a)* in of in verband met 'n aansoek ingevolge hierdie Wet opsetlik inligting verstrek of 'n verklaring doen wat vals of misleidend is;

Offences relating to diamond trade.

**83.** Any person who—

*(a)* contravenes a determination, direction or prohibition under section 77 (1), or delivers any unpolished diamond in pursuance of an agreement which is invalid by virtue of the provisions of the said section;

*(b)* contravenes a provision of section 33, 35 (1), 44, 48, 50 (1), 52 or 55;

*(c)* contravenes or fails to comply with a condition of a licence, permit or certificate under this Act;

*(d)* fails to comply with a provision of section 36 (1), 38 (2), 51, 56 or 57; or

*(e)* fails to comply with a request or notice under section 30 (4), 43 (3) or 93 (1),

shall be guilty of an offence.

Offences relating to export of diamonds.

**84.** Any person who—

*(a)* contravenes a provision of section 60;

*(b)* contravenes a provision of section 70;

*(c)* in connection with the registration of any unpolished or polished diamond for export wilfully furnishes information or makes a statement which is false or misleading; or

*(d)* fails to comply with a provision of section 64 (3) or 67 (3),

shall be guilty of an offence.

Offences relating to functions of Board, inspectors and police officials.

**85.** Any person who—

*(a)* fails to comply with a direction under section 78 (1);

*(b)* has been duly summoned under section 79 and who fails, without sufficient cause—

(i) to attend at the time and place specified in the summons; or

(ii) to remain in attendance until excused from further attendance by the person presiding at the inquiry;

*(c)* has been called upon under section 79 (2) *(b)* and who refuses to be sworn or to make an affirmation as a witness;

*(d)* fails, without sufficient cause—

(i) to answer fully and satisfactorily any question lawfully put to him under section 79 (2) *(c)*; or

(ii) to produce any register, book, document or thing in his possession or custody or under his control which he has been required to produce under section 79 (2) *(c)*;

*(e)* hinders or obstructs any inspector or police official in the performance of his functions under this Act;

*(f)* refuses or fails to comply to the best of his ability with any requirement or request made by any inspector or police official in the performance of his functions under this Act;

*(g)* refuses or fails to answer to the best of his ability any question which any inspector or police official in the performance of his functions under this Act has put to him;

*(h)* wilfully furnishes to any inspector or police official information which is false or misleading; or

*(i)* except for the purposes of performing his functions under this Act or when required to do so by any court or under any law, discloses to any other person any information acquired by him in the performance of his functions under this Act,

shall be guilty of an offence.

Offences involving fraudulent conduct.

**86.** Any person who—

*(a)* in or in connection with an application in terms of this Act wilfully furnishes information or makes a statement which is false or misleading;

*(b)* met die opset om te bedrieg 'n register of stuk kragtens hierdie Wet verander, onleesbaar maak, vernietig of beskadig; of

*(c)* homself valslik voordoen—

(i) as die houer van 'n lisensie of permit kragtens hierdie Wet;

(ii) as geregistreer te wees as 'n gemagtigde verteenwoordiger van 'n regspersoon; of

(iii) as 'n inspekteur,

is aan 'n misdryf skuldig.

Strawwe.

**87.** Iemand wat aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig bevind word, is strafbaar—

*(a)* in die geval van 'n misdryf in artikel 82 *(a)* of *(b)* bedoel, met 'n boete van hoogstens R50 000, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens tien jaar, of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf;

*(b)* in die geval van 'n misdryf in artikel 82 *(c)*, 83 *(a)* of 84 *(a)* bedoel, met 'n boete van hoogstens R20 000, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vier jaar, of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf;

*(c)* in die geval van 'n misdryf in artikel 83 *(b)* of 84 *(b)* bedoel, met 'n boete van hoogstens R10 000, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf; en

*(d)* in die geval van 'n misdryf in artikel 82 *(d)*, 83 *(c)*, *(d)* of *(e)*, 84 *(c)* of *(d)*, 85 of 86 bedoel, met 'n boete van hoogstens R5 000, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande, of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

Dokumentêre getuienis.

**88.** By 'n vervolging weens 'n misdryf ingevolge hierdie Wet is 'n stuk wat heet 'n lisensie, permit, sertifikaat of ander magtiging te wees wat ingevolge hierdie Wet uitgereik of verkry is, of 'n afskrif van so 'n lisensie, permit, sertifikaat of magtiging wat as 'n ware afskrif gewaarmerk is deur iemand wat heet 'n persoon in die diens van die Raad te wees, by oorlegging daarvan in die hof toelaatbaar as getuienis en is dit *prima facie*-bewys van die besonderhede daarin vervat.

Vermoede.

**89.** Indien daar by 'n vervolging weens 'n misdryf ingevolge hierdie Wet beweer word dat 'n diamant ten opsigte waarvan die misdryf na bewering gepleeg is 'n ongeslypte diamant is, word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die diamant 'n ongeslypte diamant is.

Aanspreeklikheid van werkgewer of prinsipaal.

**90.** (1) 'n Daad of versuim van 'n werknemer of verteenwoordiger wat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet uitmaak, word geag die daad of versuim van sy werkgewer of prinsipaal te wees, en daardie werkgewer of prinsipaal kan ten opsigte daarvan skuldig bevind en gevonnis word tensy hy bewys—

*(a)* dat hy bedoelde daad of versuim nie veroorloof of oogluikend toegelaat het nie; en

*(b)* dat hy alle redelike stappe gedoen het om 'n daad of versuim van die betrokke aard te voorkom; en

*(c)* dat 'n daad of versuim, hetsy wettig of onwettig, van die ten laste gelegde aard onder geen voorwaarde of omstandigheid in die loop van die diens of binne die bestek van die bevoegdheid van die betrokke werknemer of verteenwoordiger geval het nie.

(2) By die toepassing van subartikel (1) *(b)* word die feit dat 'n werkgewer of prinsipaal 'n daad of versuim van die betrokke aard verbied het, nie op sigself as voldoende bewys beskou dat hy alle redelike stappe gedoen het om so 'n daad of versuim te voorkom nie.

(3) Die bepalings van subartikel (1) onthef nie die betrokke werknemer of verteenwoordiger van aanspreeklikheid om ten opsigte van die betrokke handeling of versuim skuldig bevind en gevonnis te word nie.

(b) with intent to defraud alters, defaces, destroys or mutilates any register or document under this Act; or

(c) falsely gives himself out—

(i) to be the holder of a licence or permit under this Act;

(ii) to be registered as an authorized representative of any juristic person; or

(iii) to be an inspector,

shall be guilty of an offence.

Penalties.

**87.** Any person who is convicted of an offence under this Act shall be liable—

(a) in the case of an offence referred to in section 82 *(a)* or *(b)*, to a fine not exceeding R50 000, or to imprisonment for a period not exceeding ten years, or to both such fine and such imprisonment;

(b) in the case of an offence referred to in section 82 *(c)*, 83 *(a)* or 84 *(a)*, to a fine not exceeding R20 000, or to imprisonment for a period not exceeding four years, or to both such fine and such imprisonment;

(c) in the case of an offence referred to in section 83 *(b)* or 84 *(b)*, to a fine not exceeding R10 000, or to imprisonment for a period not exceeding two years, or to both such fine and such imprisonment; and

(d) in the case of an offence referred to in section 82 *(d)*, 83 *(c)*, *(d)* or *(e)*, 84 *(c)* or *(d)*, 85 or 86, to a fine not exceeding R5 000, or to imprisonment for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and such imprisonment.

Documentary evidence.

**88.** In any prosecution for an offence under this Act a document which purports to be a licence, permit, certificate or other authority issued or obtained in terms of this Act, or a copy of such a licence, permit, certificate or authority certified as a true copy by a person who purports to be a person in the service of the Board, shall on its production in the court be admissible in evidence and be *prima facie* proof of the particulars contained therein.

Presumption.

**89.** If it is alleged in any prosecution for an offence under this Act that a diamond in respect of which the offence allegedly was committed is an unpolished diamond, it shall be presumed, until the contrary is proved, that the diamond is an unpolished diamond.

Liability of employer or principal.

**90.** (1) An act or omission of an employee or agent which constitutes an offence under this Act shall be deemed to be the act or omission of his employer or principal, and that employer or principal may be convicted and sentenced in respect of it unless he proves—

(a) that he did not permit or connive at such act or omission; and

(b) that he took all reasonable steps to prevent an act or omission of the kind in question; and

(c) that an act or omission, whether legal or illegal, of the character of the act or omission charged did not under any condition or in any circumstance fall within the course of the employment or the scope of the authority of the employee or agent concerned.

(2) For the purposes of subsection (1) *(b)* the fact that an employer or principal forbade an act or omission of the kind in question shall not by itself be regarded as sufficient proof that he took all reasonable steps to prevent such an act or omission.

(3) The provisions of subsection (1) shall not relieve the employee or agent concerned from liability to be convicted and sentenced in respect of the act or omission in question.

Verbeuring.

**91.** (1) Ondanks andersluidende bepalings van 'n ander wet word enige geld of goed wat 'n persoon aan 'n inspekteur of 'n lid of verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Polisie betaal of gelewer het na aanleiding van 'n ooreenkoms vir die lewering of verkryging van ongeslypte diamante, by die skuldigbevinding van daardie persoon aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet in verband met so 'n ooreenkoms aan die Staat verbeur.

(2) *(a)* 'n Verbeuring ingevolge subartikel (1) doen nie afbreuk aan 'n reg wat iemand anders as die veroordeelde op die goed wat verbeur is, het nie indien hy die betrokke hof oortuig—

(i) dat hy nie geweet het dat bedoelde goed vir die doel van of in verband met die pleging van die betrokke misdryf gebruik is of sou word nie; of

(ii) dat hy sodanige gebruik nie kon verhoed nie.

*(b)* Paragraaf *(a)* is nie van toepassing nie op enige geld wat aldus verbeur is.

(3) Die bepalings van artikel 35 (4) van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), is *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n reg bedoel in subartikel (2) van toepassing, en by sodanige toepassing word—

*(a)* 'n verwysing in genoemde artikel na die hof uitgelê as 'n verwysing na die hof wat die persoon bedoel in subartikel (1) skuldig bevind het; en

*(b)* 'n verwysing in genoemde artikel na 'n verbeurdverklaring uitgelê as 'n verbeuring ingevolge subartikel (1).

Jurisdiksie van landdroshowe.

**92.** Ondanks andersluidende bepalings van 'n ander wet het 'n landdroshof jurisdiksie om enige straf op te lê waarvoor hierdie Wet voorsiening maak.

## HOOFSTUK IX

### ALGEMEEN

Heffings.

**93.** (1) Ter bestryding van die uitgawes wat die Raad by die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet aangaan, kan die Minister jaarliks op aanbeveling van die Raad en by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n heffing op produsente of lisensiehouers of op 'n vereniging of organisasie van produsente, handelaars of slypers oplê.

(2) 'n Heffing kragtens subartikel (1) opgelê, is aan die Raad betaalbaar op of voor die dag en deur die persone in die betrokke kennisgewing bepaal.

(3) Verskillende heffings kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van verskillende kategorieë produsente of lisensiehouers opgelê word, en die Minister kan enige kategorie produsente of lisensiehouers van die heffing vrystel.

Samewerking met ander regerings en liggame.

**94.** Vir die doeleindes van die uitvoering van 'n ooreenkoms wat tussen die Regering van die Republiek en die regering van 'n ander land of gebied met die oog op die bevordering of reëling van die produksie, verwerking of bemarking van diamante aangegaan is, kan die Raad in die Republiek of in so 'n land of gebied en ten behoewe van daardie regering of 'n liggaam in so 'n land of gebied die werksaamhede verrig wat in die betrokke ooreenkoms uiteengesit of daarkragtens bepaal word.

Regulasies.

**95.** (1) Die Minister kan na oorlegpleging met die Raad regulasies uitvaardig betreffende—

*(a)* die wyse waarop vergaderings van die uitvoerende of 'n ander komitee van die Raad byeengeroep moet word, die prosedure by en die kworum vir daardie vergaderings en die wyse waarop notule van daardie vergaderings gehou moet word;

*(b)* die voorkoming van onwettige dade met betrekking tot diamante;

*(c)* die registrasie van persone in die diens, of betrokke by die bedrywighede, van 'n lisensiehouer en die hou van 'n register van persone aldus geregistreer;

Forfeiture.

**91.** (1) Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, any money or property which a person has paid or delivered to an inspector or a member or agent of the South African Police in pursuance of an agreement for the delivery or acquisition of unpolished diamonds, shall upon the conviction of that person of an offence under this Act in connection with such an agreement be forfeited to the State.

(2) *(a)* A forfeiture in terms of subsection (1) shall not affect any right which any person other than the convicted person may have to the property forfeited if he satisfies the court concerned—

(i) that he did not know that such property was being used or would be used for the purpose of or in connection with the commission of the offence in question; or

(ii) that he could not prevent such use.

*(b)* Paragraph *(a)* shall not apply to any money so forfeited.

(3) The provisions of section 35 (4) of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), shall *mutatis mutandis* apply in respect of a right referred to in subsection (2), and for the purposes of such application—

*(a)* a reference in the said section to the court shall be construed as a reference to the court which has convicted the person referred to in subsection (1); and

*(b)* a reference in the said section to a declaration of forfeiture shall be construed as a forfeiture in terms of subsection (1).

Jurisdiction of magistrates' courts.

**92.** Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, a magistrate's court shall have jurisdiction to impose any penalty provided for in this Act.

## CHAPTER IX

### GENERAL

Levies.

**93.** (1) In order to defray the expenses incurred by the Board in the performance of its functions under this Act, the Minister may annually on the recommendation of the Board and by notice in the *Gazette* impose a levy on producers or licensees or on any association or organization of producers, dealers or cutters.

(2) A levy imposed under subsection (1) shall be payable to the Board on or before such day and by such persons as may be determined in the relevant notice.

(3) Different levies may be determined under subsection (1) in respect of different categories of producers or licensees, and the Minister may exempt any category of producers or licensees from the levy.

Co-operation with other governments and bodies.

**94.** For the purposes of implementing an agreement entered into by the Government of the Republic and the government of any other country or territory with a view to the promotion or regulation of the production, processing or marketing of diamonds, the Board may in the Republic or in any such country or territory and on behalf of that government or any body in any such country or territory perform the functions set out in the agreement in question or determined thereunder.

Regulations.

**95.** (1) The Minister may after consultation with the Board make regulations as to—

*(a)* the manner in which meetings of the executive or any other committee of the Board shall be convened, the procedure and quorum at those meetings and the manner in which minutes of those meetings shall be kept;

*(b)* the prevention of illegal acts relating to diamonds;

*(c)* the registration of persons in the service, or involved in the activities, of a licensee and the keeping of a register of persons so registered;

(*d*) beheer oor en die deursoeking van daardie persone;
(*e*) die oplegging van 'n beperking of verbod op 'n bepaalde belang in die bedrywighede wat 'n produsent of lisensiehouer uitoefen;
(*f*) die intrekking van 'n registrasie kragtens hierdie Wet of van 'n permit, sertifikaat of ander magtiging ingevolge hierdie Wet uitgereik of verkry;
(*g*) die betaling van getuiegelde aan persone wat gedagvaar is om voor die Raad te verskyn;
(*h*) die oplegging van 'n boete deur die Raad by die versuim van 'n persoon om enige uitvoerbelasting of heffing te betaal binne die tydperk by of kragtens hierdie Wet bepaal, ongeag of strafregtelike stappe ingevolge hierdie Wet ten opsigte van die versuim teen so 'n persoon gedoen is of gedoen kan word;
(*i*) die gelde wat aan die Raad betaalbaar is vir dienste deur hom gelewer;
(*j*) die verrigting van die Raad se werksaamhede ter uitvoering van 'n ooreenkoms in artikel 94 bedoel;
(*k*) 'n aangeleentheid wat kragtens hierdie Wet by regulasie voorgeskryf moet of kan word; en
(*l*) in die algemeen, 'n aangeleentheid wat die Minister nodig of dienstig ag om voor te skryf of te reël ten einde die oogmerke van hierdie Wet te verwesenlik, en die algemeenheid van hierdie paragraaf word nie deur die voorafgaande paragrawe beperk nie.

(2) Regulasies kragtens subartikel (1) uitgevaardig, kan strawwe vir 'n oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, voorskryf wat 'n boete van R2 500 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van ses maande nie te bowe gaan nie.

Oorlegpleging deur Raad.

**96.** Die Raad moet met die Minister oorleg pleeg by die uitoefening van dié bevoegdhede van die Raad wat die Minister van tyd tot tyd bepaal.

Opdrag van werksaamhede.

**97.** (1) Die Minister kan aan 'n beampte van die Departement van Mineraal- en Energiesake 'n bevoegdheid by hierdie Wet aan die Minister verleen, uitgesonderd die bevoegdheid in artikel 95 (1) bedoel, delegeer.

(2) Die Raad kan—
(*a*) aan die voorsitter, uitvoerende beampte, registrasiebeampte of 'n persoon in die diens van die Raad 'n bevoegdheid by hierdie Wet aan die Raad verleen, delegeer op die voorwaardes wat die Raad bepaal; of
(*b*) so 'n voorsitter, beampte of persoon magtig om 'n plig by hierdie Wet aan die Raad opgedra, te verrig.

(3) Die uitvoerende beampte kan—
(*a*) aan 'n persoon in die diens van die Raad 'n bevoegdheid by hierdie Wet aan die uitvoerende beampte verleen, uitgesonderd 'n bevoegdheid aan die uitvoerende beampte kragtens subartikel (2) (*a*) gedelegeer, delegeer; of
(*b*) so 'n persoon magtig om 'n plig by hierdie Wet aan die uitvoerende beampte opgedra, te verrig.

(4) 'n Delegering kragtens subartikel (1), (2) (*a*) of (3) (*a*) belet nie die uitoefening van die betrokke bevoegdheid deur die Minister, Raad of uitvoerende beampte, na gelang van die geval, self nie.

Wysiging of herroeping van wette, en voorbehoud.

**98.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel word die wette in die Bylae genoem hierby gewysig of herroep in die mate aangedui in die derde kolom daarvan.

(2) Enigiets gedoen uit hoofde van 'n bepaling deur subartikel (1) herroep en wat ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet gedoen kan of moet word, word geag ingevolge laasgenoemde bepaling gedoen te wees.

(3) 'n Lisensie wat geag word ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet uitgereik te wees, uitgesonderd 'n tydelike lisensie wat

(d) control over and the searching of those persons;
(e) the imposition of a restriction on or prohibition of any particular interest in the activities carried on by a producer or licensee;
(f) the cancellation of any registration under this Act or of any permit, certificate or other authority issued or obtained in terms of this Act;
(g) the payment of witness fees to persons summoned to appear before the Board;
(h) the imposition of a fine by the Board on the failure of any person to pay any export duty or levy within the period determined by or under this Act, irrespective of whether criminal proceedings in terms of this Act have been or may be instituted against any such person in respect of the failure;
(i) the fees payable to the Board for services rendered by it;
(j) the performance of the Board's functions in implementing an agreement referred to in section 94;
(k) any matter required or permitted to be prescribed by regulation under this Act; and
(l) in general, any matter which the Minister may consider necessary or expedient to prescribe or regulate in order that the objects of this Act may be achieved, and the generality of this paragraph shall not be limited by the preceding paragraphs.

(2) Regulations made under subsection (1) may prescribe penalties for any contravention thereof or failure to comply therewith not exceeding a fine of R2 500 or imprisonment for a period of six months.

Consultation by Board.

**96.** The Board shall consult the Minister in the exercise of such powers of the Board as the Minister may from time to time determine.

Assignment of functions.

**97.** (1) The Minister may delegate to any officer of the Department of Mineral and Energy Affairs any power conferred upon the Minister by this Act, excluding the power referred to in section 95 (1).

(2) The Board may—
(a) delegate to the chairman, executive officer, registration officer or any person in the service of the Board any power conferred upon the Board by this Act on such conditions as the Board may determine; or
(b) authorize any such chairman, officer or person to perform any duty assigned to the Board by this Act.

(3) The executive officer may—
(a) delegate to any person in the service of the Board any power conferred upon the executive officer by this Act, excluding a power delegated to the executive officer under subsection (2) (a); or
(b) authorize any such person to perform any duty assigned to the executive officer by this Act.

(4) Any delegation under subsection (1), (2) (a) or (3) (a) shall not prevent the exercise of the relevant power by the Minister himself, Board itself or executive officer himself, as the case may be.

Amendment or repeal of laws, and savings.

**98.** (1) Subject to the provisions of this section, the laws mentioned in the Schedule are hereby amended or repealed to the extent indicated in the third column thereof.

(2) Anything done by virtue of a provision repealed by subsection (1) and which is permitted or required to be done in terms of a provision of this Act, shall be deemed to have been done in terms of the latter provision.

(3) Any licence deemed to have been issued in terms of a provision of this Act, excluding a temporary licence issued for a

vir 'n bepaalde tydperk uitgereik is, bly van krag totdat dit ingevolge Hoofstuk IV opgeskort of ingetrek word.

(4) *(a)* Iemand wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet kragtens artikel 7 van die Wet op Diamantslypery, 1979 (Wet No. 89 van 1979), deur die Diamantslypraad aangestel is of aan sy diens afgestaan is, word onderskeidelik by sodanige inwerkingtreding geag deur die Raad aangestel te wees of tot sy beskikking gestel te wees kragtens artikel 14 van hierdie Wet.

*(b)* By die inwerkingtreding van hierdie Wet gaan die bates, laste, regte en verpligtinge van genoemde Diamantslypraad op die Raad oor.

(5) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie artikel verval enige goedkeuring kragtens die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet No. 73 van 1964), verleen ten opsigte van 'n geakkrediteerde agent soos in artikel 1 van genoemde Wet omskryf, by die inwerkingtreding van hierdie Wet.

Kort titel en inwerkingtreding.

**99.** Hierdie Wet heet die Wet op Diamante, 1986, en tree in werking op 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

## BYLAE

WETTE GEWYSIG OF HERROEP (Artikel 98)

| No. en jaar van wet | Kort titel | Omvang van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| Wet No. 39 van 1925 ... | Wet op de Kontrôle van Diamanten, 1925 ...... | Die herroeping van die geheel. |
| Wet No. 16 van 1957 ... | Wet op Uitvoerbelasting op Diamante, 1957 ..... | Die herroeping van die geheel. |
| Wet No. 47 van 1961 ... | Wysigingswet op Uitvoerbelasting op Diamante, 1961 ................ | Die herroeping van die geheel. |
| Wet No. 77 van 1962 ... | Finansiewet, 1962 ........ | Die herroeping van artikel 20. |
| Wet No. 56 van 1966 ... | Wysigingswet op Inkomstewette, 1966 ......... | Die herroeping van artikel 4. |
| Wet No. 103 van 1969 .. | Wysigingswet op Inkomstewette, 1969 ......... | Die herroeping van artikels 10, 11 en 12. |
| Wet No. 92 van 1971 ... | Wysigingswet op Inkomstewette, 1971 ......... | Die herroeping van artikel 10. |
| Wet No. 29 van 1974 ... | Algemene Regswysigingswet, 1974 ............ | Die herroeping van artikel 13. |
| Wet No. 106 van 1980 .. | Wysigingswet op Inkomstewette, 1980 ......... | Die herroeping van artikel 15. |
| Wet No. 99 van 1981 ... | Wysigingswet op Inkomstewette, 1981 ......... | Die herroeping van artikel 6. |
| Wet No. 92 van 1983 ... | Wysigingswet op Inkomstewette, 1983 ......... | Die herroeping van artikel 4. |
| Wet No. 73 van 1964 ... | Wet op Edelgesteentes, 1964 ................. | **1.** Die wysiging van artikel 1—<br>*(a)* deur die omskrywings van "bankier", "geakkrediteerde agent" en "gelisensieerde handelaar" te skrap; en<br>*(b)* deur die omskrywing van "ruwe of ongeslypte diamant" deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" 'ruwe of ongeslypte diamant' 'n ongeslypte diamant soos in die Wet op Diamante, 1986, omskryf;".<br>**2.** Die wysiging van artikel 28 deur paragraaf *(g)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:<br>"*(g)* nie in staat is om self die registers te hou wat hy ingevolge **[Hoofstuk IX van hierdie Wet]** die Wet op Diamante, 1986, moet hou nie; of".<br>**3.** Die herroeping van artikels 84, 85, 86 en 88. |

particular period, shall remain in force until it is suspended or cancelled in terms of Chapter IV.

(4) *(a)* Any person who immediately prior to the commencement of this Act was appointed by the Diamond Cutting Board or seconded to its service under section 7 of the Diamond Cutting Act, 1979 (Act No. 89 of 1979), shall upon such commencement be deemed to be appointed by the Board or placed at its disposal under section 14 of this Act, respectively.

*(b)* At the commencement of this Act the assets, liabilities, rights and obligations of the said Diamond Cutting Board shall vest in the Board.

(5) Notwithstanding anything to the contrary in this section contained, any approval granted under the Precious Stones Act, 1964 (Act No. 73 of 1964), in respect of an accredited agent as defined in section 1 of the said Act shall lapse at the commencement of this Act.

Short title and commencement.

**99.** This Act shall be called the Diamonds Act, 1986, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

## SCHEDULE

LAWS AMENDED OR REPEALED (Section 98)

| No. and year of law | Short title | Extent of amendment or repeal |
|---|---|---|
| Act No. 39 of 1925 | Diamond Control Act, 1925 | The repeal of the whole. |
| Act No. 16 of 1957 | Diamond Export Duty Act, 1957 | The repeal of the whole. |
| Act No. 47 of 1961 | Diamond Export Duty Amendment Act, 1961 | The repeal of the whole. |
| Act No. 77 of 1962 | Finance Act, 1962 | The repeal of section 20. |
| Act No. 56 of 1966 | Revenue Laws Amendment Act, 1966 | The repeal of section 4. |
| Act No. 103 of 1969 | Revenue Laws Amendment Act, 1969 | The repeal of sections 10, 11 and 12. |
| Act No. 92 of 1971 | Revenue Laws Amendment Act, 1971 | The repeal of section 10. |
| Act No. 29 of 1974 | General Law Amendment Act, 1974 | The repeal of section 13. |
| Act No. 106 of 1980 | Revenue Laws Amendment Act, 1980 | The repeal of section 15. |
| Act No. 99 of 1981 | Revenue Laws Amendment Act, 1981 | The repeal of section 6. |
| Act No. 92 of 1983 | Revenue Laws Amendment Act, 1983 | The repeal of section 4. |
| Act No. 73 of 1964 | Precious Stones Act, 1964 | **1.** The amendment of section 1—<br>*(a)* by the deletion of the definitions of "accredited agent", "banker" and "licensed dealer"; and<br>*(b)* by the substitution for the definition of "rough or uncut diamond" of the following definition:<br>"'rough or uncut diamond' means any unpolished diamond as defined in the Diamonds Act, 1986;".<br>**2.** The amendment of section 28 by the substitution for paragraph *(g)* of subsection (1) of the following paragraph:<br>"*(g)* is unable personally to keep the registers which he is required to keep under **[Chapter IX of this Act]** the Diamonds Act, 1986; or".<br>**3.** The repeal of sections 84, 85, 86 and 88. |

| No. en jaar van wet | Kort titel | Omvang van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| | | **4.** Die vervanging van artikel 90 deur die volgende artikel:<br>"Valse verklaring deur applikant om permit. **90.** (1) Iemand wat in verband met 'n aansoek om 'n **[lisensie of]** permit ingevolge hierdie Hoofstuk 'n verklaring doen of laat doen wat in 'n wesenlike opsig vals is, met die wete dat dit vals is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.<br>(2) So 'n **[lisensie of]** permit uitgereik aan 'n persoon wat ingevolge die bepalings van subartikel (1) skuldig bevind is, is nietig.".<br><br>**5.** Die herroeping van artikels 91 tot 110.<br><br>**6.** Die wysiging van artikel 117—<br>*(a)* deur in subartikel (1) die woorde "gelisensieerde handelaar of" te skrap; en<br>*(b)* deur in subartikel (3) die woorde "bepaling van hierdie Wet" deur die woord "wetsbepaling" te vervang.<br><br>**7.** Die herroeping van artikels 118 en 119.<br><br>**8.** Die invoeging van die volgende artikel na artikel 124:<br>"Bevoegdheid van Minister by skuldigbevinding van produsente en houers van waspermitte aan sekere misdrywe. **124A.** Indien 'n produsent of die houer van 'n waspermit aan 'n misdryf bedoel in artikel 83 *(a)* van die Wet op Diamante, 1986, skuldig bevind is, kan die Minister, ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet, die lisensie, permit, huur of ander magtiging ingevolge hierdie Wet aan hom verleen, intrek.". |
| Wet No. 89 van 1979 ... | Wet op Diamantslypery, 1979 ................ | Die herroeping van die geheel. |

| No. and year of law | Short title | Extent of amendment or repeal |
|---|---|---|
| | | **4.** The substitution for section 90 of the following section:<br>"False statement by applicant for permit. **90.** (1) Any person who in connection with any application for a **[licence or]** permit under this Chapter makes or causes to be made a statement which is false in any material particular, knowing the same to be false, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding twelve months or to both such fine and such imprisonment.<br>(2) Any such **[licence or]** permit issued to a person convicted under the provisions of subsection (1) shall be null and void.".<br><br>**5.** The repeal of sections 91 to 110.<br><br>**6.** The amendment of section 117—<br>*(a)* by the deletion in subsection (1) of the words "a licensed dealer or"; and<br>*(b)* by the substitution in subsection (3) for the words "this Act" of the words "a law".<br><br>**7.** The repeal of sections 118 and 119.<br><br>**8.** The insertion of the following section after section 124:<br>"Power of Minister upon conviction of producers and holders of washing permits of certain offences. **124A.** If a producer or the holder of a washing permit is convicted of an offence referred to in section 83 *(a)* of the Diamonds Act, 1986, the Minister may, notwithstanding anything to the contrary in this Act contained, cancel the licence, permit, lease or other authority granted to him under this Act.". |
| Act No. 89 of 1979 ..... | Diamond Cutting Act, 1979 ................ | The repeal of the whole. |

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB4532/13 500
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB4532/13 500